

H O O F S T U K 5

MILITÊR-POLITIEKE ONRUS EN MIGRASIE : 1795-1915

Die negentiende eeu kan in die Suid-Afrikaanse geskiedenis met reg beskryf word as die eeu van militêre en politieke onrus en migrasies. Die agtiende eeu is met die Britse Besetting van die Kaap afgesluit en die negentiende eeu met opstande in die grensdistrikte uit protes teen Britse oorheersing ingelei. Dié eeu sou ook afgesluit word met 'n volskaalse oorlog tussen Brittanje en die twee onafhanklike Boere-Republieke en vroeg in die twintigste eeu sou die Afrikaners 'n laaste poging aanwend om hulle van die sogenaamde Engelse juk te bevry.

Die struktuur van die samelewing is verander en die grondgebied deur Blankes beset verdriedubbel deur drie verskillende migrasiebewegings. Eerstens is die struktuur en die verspreiding van die Bantoesprekende samelewing ingrypend verander deur die difaqane, 'n verpligte volksverskuiwing wat deur Dingiswayo en Shaka begin is en waardeur duisende Swartmense ontstam en groot gebiede onbewoon gelaat is. Hierdie verpligte volksverskuiwing was een van die belangrikste faktore wat bygedra het tot die suksesvolle afloop van die vrywillige migrasie bekend as die Groot Trek waardeur die grondgebied wat deur Blankes bewoon is verdriedubbel het. 'n Ander migrasie wat invloed op die vorming van die samelewing in die 19de eeu uitgeoefen het, was die koms van die Britse Setlaars na Suid-Afrika in 1820, want dit sou bydra tot die verengelsing van die grensdistrikte en die onderwerping van die Xhosas. Die voortdurende grensbotsings tussen die Blankes en die Xhosas het tussen 1778 en 1887 uitgeloop op nege vernietigende Grensoorloë. Hierdie eeu van intense woelinge bied dus 'n onuitputlike bron van verhaalsoontlikhede.

Britse Besetting

Die besetting van die Kaap deur die Britte bied in die eerste plek moontlikhede vir patriotiese of heldeverhale. Die Britse Besetting was 'n direkte uitvloeisel van die Franse Revolusie. As gevolg van hierdie Revolusie het Frankryk in oorloë gewikkel geraak met feitlik al sy Europese bure. Ten einde nie die strategiesgeleë Kaapse hawe in Franse hande te laat val nie, het Brittanje in 1795 die Kaap sonder veel weerstand van die VOC ingeneem. Die denkbeelde van die Franse Revolusie, naamlik vryheid, gelykheid en broederskap het egter reeds ook in die Kaap inslag gevind en daarom het die inwoners van veral die grensdistrikte hulle aktief eers teen die VOC en daarna teen Britse oorheersing verset. Die uitroeping van die "Republieke" Swellendam en Graaff-Reinet, die passiewe verset van die Kaapse Patriotte-bewegings en die Slagtersnekrebel bied veral moontlikhede vir verhale met 'n realistiese of patriotiese konnotasie. Die sosiale lewe aan die Kaap het ook gedurende die Eerste Britse Besetting 'n opbloeit onder leiding van lady Anne Barnard, vrou van die koloniale sekretaris en gasvrou van goewerneur Macartney, beleef. Daarom leen hierdie tydperk hom ook tot realisties-romantiese jeugverhale waarin die swier van die ou Kaap herleef.

As die beperkte rol wat kinders in hierdie sake kan speel in ag geneem word, is dit duidelik waarom verhale wat binne hierdie tydperk afspeel meestal jeugverhale of verhale vir volwassenes is. Teen die logiese verwagting in het die enigste min of meer geslaagde jeugverhaal uit dié tydperk nie 'n tipiese heldefiguur as hoofkarakter nie. In Die negemaande mars deur Dan Sleight, verloor Johannes wat in die

verste uithoeke van die Oosgrens woon, albei sy ouers in 'n Xhosarooftog. Hy gaan na Graaff-Reinet waar die predikant hom leer lees en skryf, hom doop, katkiseer en as lidmaat van die kerk bevestig. Aangesien hulle glad nie kan vasstel wie sy ouers is nie, gee Adriaan van Jaarsveldt hom die van "Sonderhawe", omdat Johannes met hul eerste kennismaking gesê het hy is sonder hawe. Johannes raak by die burgeropstand betrokke, maar verset hom teen die geweld wat sommige van die burgers wil gebruik. Hy raak verlief en sweer trou aan Corrie. Die gewapende opstand werp nie veel vrugte af nie, want Brittanje beset die Kaap. Johannes word gevange geneem omdat hy nie die eed van getrouheid aan die Britse kroon wil aflê nie. Maar wanneer Corrie die Boesman Twa stuur om hom aan sy troubelofte te herinner, besef hy dat hy nie meer sonder hawe is nie en lê hy die gelofte af. Alhoewel die leser goed onder die indruk kom van die onderstrominge met die Graaf-Reinetopstand, asook van die besluitloosheid en eie belang wat die verdediging van die Kaap teen die Britte bemoeilik het, slaag die verhaal nie werklik nie, omdat Johannes nooit méns word nie. Sy karakter is ooglopend die draer van bepaalde idees. Sy gedagtes en handeling strook nie altyd met dié van iemand wat twintig jaar lank in die wildernis gebly en net drie of vier keer met ander mense in aanraking gekom het nie.

In die Ruiters van Slagtersnek deur Albert J Coetzee is die hoofkarakter 'n tipiese onkreukbare held. Alhoewel die hoofkarakter Hendrik Prinsloo 16 aan die begin en 33 aan die einde van die verhaal is, is die taal en styl meer gerig op die volwasse leser en sou dit dus nie as 'n jeugverhaal bestempel kon word nie. Rondom die Bezuidenhoutopstand organiseer Hendrik 'n groter opstand. Hy, sowel as die leiers van die kommando wat hom wou bevry, word gevange geneem en uiteindelik by

Slagtersnek tereggestel. 'n Toneel aan die begin van die verhaal vorm die tema wat dwarsdeur die verhaal loop. Hendrik se hond Twakkie gryp 'n leeu aan die stert om sy baas te red. Voordat hy doodgebyt word, kry hy die leeu aan die oor beet en sterf met sy tande vasgeklem in die leeu se oor. Die Afrikaner word deurgaans in die verhaal voorgestel as die dapper Twakkie wat die magtige Engelse leeu aan die oor moet hap. Die doel met die verhaal is die dramatiese weergawe van gebeure rondom Slagtersnek, derhalwe is daar geen karakterbeelding of ontwikkeling nie. Die karakters is nie mense nie, maar stereotipe helde.

'n Verhaal vir volwassenes rondom die Graaff-Reinetopstande waarteen dieselfde kritiek ingebring kan word, is Wording deur T C Pienaar. Die Slagtersnekopstand word as goeie voorleesmateriaal aangebied deur Santie Grosskopf in My eerste groot boek oor ons land onder die opskrif: Vyf manne word in die openbaar opgehang.

'n Aantal ontspanningsverhale waarin meer klem op die romantiese as die historiese aspek val, verdien ook vermelding, veral aangesien hierdie tipe verhale gebruik kan word om tienerdogters se belangstelling in die geskiedenis te stimuleer. Verhale wat onder hierdie groep geklassifiseer kan word, is Rebel uit die Witzenberg deur Kobus Snyman, Rebel uit Swellendam deur Elmar Steyn, Guillam Woudberg deur Karel Kielblock, Die Buiterreëks van Gerrie Radlof en Die laaste van die Hugonote deur Nancy Okes.

In Jasper le Feuvre slaag Karel Kielblock daarin om binne die raamwerk van 'n geslaagde spanningsverhaal die leser kennis te laat maak met talle historiese werklikhede, bv. die wreedhede van die slawehandel. In D'Arbez se Grensbewoners word die verhaalelement

weer verdring deur droë geskiedenisfeite. In tipiese D'Arbez-styl lewer hy as skrywer voortdurend kommentaar. In Passage to the Cape gee Alan Forrest die feite gebaseer op die dagboek van John Blake sonder om iets van die atmosfeer van die tyd oor te dra.

'n Opstand wat deur die ander opstande en revolusies in die negentiende eeu verdwerg word vanweë sy beperkte tydsduur, omvang en invloed, is die slaweopstand in 1808. Dan Sleigh het egter die jeugverhaalmoontlikhede ingesien en in Sersant Barodien, Kaapse Korps 'n sterk verhaal rondom hierdie gebeure gebou. Gasant Barodien worstel as soldaat in die Britse garnisoen met die probleem van onreg teenoor die slawe. Gerugte doen die rondte dat slawe vrygestel gaan word, maar in werklikheid is dit net die slawehandel, en nie slawerny nie, wat afgeskaf is. Gasant se soeke na waarheid bring hom in opstand teen en in botsing met die hele samelewing.

Hy kan nie aanvaar dat Allah toelaat dat mense soos diere gevang en verkoop word nie, ook nie die regering se dubbele standarde met betrekking tot die slawehandel nie. Hy wil met die slavin, Farieda, trou, maar dan sal sy kinders ook slawe wees. Voortdurend maan almal hom: "Gasant, jy moet vir jou verander!" Maar dit help nie, want daar word te veel onreg gepleeg waarvoor hy hom persoonlik verantwoordelik voel. Hy word as gevolg van sy simpatie met die slawe byna by die slaweopstand betrek. Uiteindelik besef Gasant dat hy nie teen alles in opstand kan wees nie. Wanneer hy dan na die Imam gaan om hom gewillig aan Allah oor te gee, bevestig dié die voltrekking van sy karakterontwikkeling met die woorde: "Jy het verander, Gasant." Die slawehandel in al sy felheid en onmenslikheid word as onlosmaaklike deel van die verhaal aangebied. Tog moet daar met die resensent van Oggendblad saamgestem word wan-

neer dié sê: "Iets waaraan die verhaal tekort skiet, is 'n skerp spanningslyn. Dit begin baie traag en die motoriese moment en hoogtepunt is baie kortstondig." (Oggendblad, 30 Junie 1977, p.8).

'n Ander verhaal waarin die slawehandel ook ter sprake kom, maar wat aan geloofwaardigheid inboet vanweë vergesogthede is Seun van die Rapier deur Willie Martin. In hierdie verhaal vlug Pieter Hoeksema nadat sy stiefpa vergiftig is en hy die hoofverdagte is. Na talle wedervaringe word hy op vyftienjarige ouderdom die kaptein van 'n seerowerskip! Verder moet een van die matrose aan Pieter verduidelik waarom slawe gevang word en wat uiteindelik met hulle gaan gebeur (p.73-74). Dit terwyl hy in 'n samelewing grootgeword het waar slawerny reeds vanaf 1655 (Böeseken, 1977, p.7) - dus vir meer as 150 jaar - beoefen is. Klaarblyklik is dit 'n poging van die skrywer om aan die leser die begrip slawerny te verduidelik, maar ongelukkig dra dit daartoe by om die ongeloofwaardigheid van die verhaal te versterk.

Dora Tudor en Merle Crewe slaag in Nikolaas van Vergelegen (Nicolaas of Vergelegen) op 'n unieke wyse daarin om die begrip slawerny binne die ervaringsveld van die kleuter-kind uit te beeld. Die sesjarige Nikolaas steek sy slawevriendjie Fuad in 'n uitgeholde boomstam weg ten einde te verhoed dat hy afgeransel word. 'n Sterk verhaallyn is rondom die ring wat weggeraak het, en waarvoor Fuad verantwoordelik gehou word, gebou. Die vyf-sesjarige se intense betrokkenheid by sy fisiese wêreld word vernuftig gebruik om die historiese agtergrond deur middel van potloodsketse uit te beeld. Nikolaas help Fuad na die ring soek deur in elke moontlike gebruiksartikel te loer. Hierdie, vir die hedendaagse lesertjie, vreemde artikels word deur middel van delikaat-realistiese potloodsketse deur

Merle Crewe gevisualiseer. Die sketse, wat histories outentiek tot in die fynste besonderhede is, is goed met die teks gesinchroniseer.

Die perspektief is deurgaans die van die sesjarige eerstepersoonsverteller. Dit spreek uit sy onvermoë om die gevolge van sy daade te voorsien, en uit sy naïewe religieuse belewing. Die onbenydenswaardige posisie waarin die slawe verkeer het, word nie alleen deur die verwysing na mijnheer Otto se daade tuisgebring nie, maar ook deur die suggestie in die slotwoorde "Dit was maar net sowel", dat Nikolaas vir Fuad weggesteek het, anders het hy onverdiend slae gekry. Die slotwoorde kan ook as 'n "oop-einde" geïnterpreteer word, want sommige lesertjies kan dink dat Nikolaas se pa bedoel het dat Fuad daardeur in staat gestel was om die nag van die brand vinniger op die toneel te kon wees. As dit nie vir sy flink optrede was nie, sou Nikolaas in die brandende huis gesterf het.

Die kultuur-historiese waarde maak die verhaal ook geskik vir die ouer leser.

Die Oosgrens

Die lewe aan die Oosgrens, in 'n tydperk toe spanning tussen Wit en Swart hoogty gevier het en oor 'n tydperk van vyf-en-sestig jaar gelei het tot agt volskaalse oorloë, bied 'n wye spektrum van verhaalsoontlikhede. (Eerste Grensoorlog val buite hierdie tydperk). In 'n gebied waar eiendom en lewens daagliks bedreig is en die inwoners self die gevaar en avontuur verder vergroot het deur olifantjagtogte na die binneland en smokkelhandel met die Xhosas, sal feitlik alle verhale basies as avontuurverhale beskou moet word. Teen hierdie agtergrond is daar volop moontlikhede vir kinder-

sowel as jeugverhale. Op die onherbergsame Oosgrens moes kinders op 'n baie vroeë ouderdom reeds verantwoordelikheid aanvaar vir 'n deel van die plaaswerk. Alhoewel baie min van hulle skoolgegaan het, was hulle kinderdae tog nie onbekommerd en sorgvry nie, want as veewagters kon hulle maklik Xhosaveediewe of wilde diere ten prooi val. Gedurende Xhosa-aanvalle moes hulle hul plek met die verdediging volstaan of in doodsgevaar die nag in vlug. Om bloot te oorleef, was soms 'n heldedaad op sigself.

Ten spyte van al hierdie verhaalgoontlikhede is daar slegs een verhaal uit hierdie tydperk wat as kinderverhaal geklassifiseer kan word, naamlik Warriors on the Hills deur Jenny Seed. Dit is ook in Afrikaans vertaal onder die titel Krygers op die heuwels. In hierdie verhaal wat gedurende die Sesde Grensoorlog afspeel, verrig Thomas 'n heldedaad om in die nag te voet na Grahamstad te gaan om hulp vir sy familie wat deur die Xhosas vasgekeer is, te kry. Wanneer hy uiteindelik na talle noue ontkomings Grahamstad bereik, moet hy magteloos ontdek dat almal so besig is om hulle self te probeer beveilig dat niemand hom kan, of wil, help nie. Gelukkig spoor hy sy vader op wat 'n kommando byeenbring, sodat hulle die vasgekeerdes net betyds ontset. Dit is 'n spannende verhaaltjie met 'n sterk verhaalstruktuur. Wat die verhaal veral besonders maak is die objektiwiteit wat in die verhaalgewe verweef is.

Thomas se oupa verduidelik byvoorbeeld die oorsake van die oorlog aan hom en sluit af met: "Aye, it's a long story, and there are many rights and wrongs ..."
(p.23). Die Xhosas se erekode om nie vroue en kinders koelbloedig dood te maak nie, word ook sinvol betrek, deurdat die leier vir Thomas sê: "Go! Warriors of

courage do not kill children" (p.32). Wanneer Thomas die verwoesting in die huis aanskou en uitroep dat die Xhosas boos is, antwoord sy oupa: "No, lad, not wicked. This is war and war is always a terrible thing" (p.61). Treffende lynsketse en 'n kleurvolle buiteblad dra by tot die geslaagdheid van hierdie verhaal.

Daar is wel 'n hele aantal verdienstelike jeugverhale wat in hierdie tydperk afspeel. Grensrutter van Leunis van Rooyen is die verhaal van Jack Holder (19) wat tydens die beleëring van Whittlesea na Cradock jaag om ammunisie en versterkings te kry. Die tema van die verhaal dat Afrikaans- en Engelssprekendes moet saamstaan om die Suiderland mak te maak is netjies met die verhaalgegewe verweef. Die toestande aan die Oosgrens word duidelik geskets sonder dat die verhaalgang onderbreek word. So dink kommandant Bowker byvoorbeeld op bladsy 49 daaraan hoe moeilik die beleid van die Britse regering dit vir hom maak om sy wyk aan die Oosgrens na behore te verdedig en binne enkele sinne word die hele agtergrond geskets. Omdat Jack op 'n Boeremeisie verlief raak, word die wantroue tussen Boer en Brit ook op 'n persoonlike vlak uitgebeeld. In die loop van die verhaal verander hierdie gesindheid op goedge-motiveerde wyse, omdat Jack wat homself aan die begin van die verhaal sit en bejammer omdat hy die enigste Engelssprekende jongmens in die laer is, aan die einde van die verhaal toestemming kry om met 'n Boeremeisie op te sit. Die voorbereiding vir die oorlog en die slag om Whittlesea word spannend en oortuigend uitgebeeld. Ook Jack se rit na Cradock word boeiend verhaal. Jack is egter die enigste karakter wat as lewendige persoonlikheid vergestalt word. Die ander karakters bly vae randfigure. 'n Ander gebrek van die verhaal, is dat die negentienjarige Jack effens naïef vir sy

ouderdom uitgebeeld word. Die "driehoekverhouding" tussen Jack, Jantien en Pamela kon ook beter ontgin word.

Indien meer klem op hierdie aspek gelê was, kon dit 'n boeiende jeugverhaal wees. Nou is dit meer geskik vir die elf- tot twaalfjarige. Ten spyte van die enkele gebreke is dit 'n geslaagde verhaal. Die kleurvolle omslag komplementeer die verhaal en die kaart voor in die boek help die leser om die veldslag en ook ander gebeure in die verhaal te visualiseer.

Met Lads of mettle : a tale of the frontier het Elmar Steyn 'n avontuurverhaal geskep rondom die daaglikse gevaarlike en avontuurlike bestaan aan die Oosgrens. Die twee hoofkarakters Chris Naude en Derick Moore (14) en Chris se suster Betty, beleef saam talle avonture, wat 'n hoogtepunt bereik toe die jagter Ab hulle saam op 'n spioenasietog na Xhosaland neem. Hierdie verhaal is geen diepsinnige letterkundige werk gebou op karakterbeelding en -ontwikkeling nie, maar suiwer 'n avontuurverhaal. Tog slaag die verhaal in sy doel, naamlik om die leser die geskiedenis te laat beleef en as avontuur te laat ervaar omdat hy hom werklik met die karakters sal kan identifiseer. Die spanningslyn word suksesvol deur die hele verhaal gehandhaaf, maar die feit dat Ab telkens op die regte plek is om die kinders uit die moeilikheid te red, is soms net te toevallig om oortuigend te wees. Alhoewel dit nie direk gesê word nie, kry die leser uit die tydsverloop binne die verhaal die indruk dat die Groot Trek ongeveer in 1834 of 1835 moes begin het, wat natuurlik nie histories korrek is nie.

Volgens 'n aantekening in die boek, is die verhaal deur 'n paneel onder voorsitterskap van 'n oud hoofinspek-

teur, as geskik vir leerlinge vanaf standerd ses tot agt verklaar. Die styl is vloeiend en die Engels eenvoudig genoeg vir 'n Afrikaanssprekende leser van ongeveer twaalf tot veertien jaar. Ongelukkig word die boek "ontsier" deur die lys begripstoetsvrae agter in die boek. Dit skep te veel die indruk van 'n skoolhandboek.

In Agtien man en 'n meisiekind deur W.A. de Klerk gaan die vyftienjarige Abraham Groenewald saam met kommandant Tjaart van der Walt na Xhosaland. In boeiende styl word hulle soektog na die Witvroue wat glo oorlewendes van 'n skipbreuk was, verhaal. Die atmosfeer van gevaar in die vreemde onherbergsame land word goed aan die leser oorgedra. Die groeiende vriendskap tussen die twee seuns, Abraham en Boet, en die konflik wat ontstaan toe hulle albei op Monica verlief raak, vorm die kern van die verhaallyn. Alhoewel die klem op die gebeure en nie op die karakters val nie, sal die leser hom tog met Abraham en sy ontwikkeling tot 'n selfstandige jongman kan identifiseer. Dit is een van die verhale waarvoor W.A. de Klerk in 1958 die Scheepersprys vir jeuglektuur ontvang het.

'n Boeiende verhaal wat by uitstek vir die ryper tiener bedoel is, vanweë die uitgesprokenheid met betrekking tot seksuele verhoudings, is The hungry veld deur S.M.A. Lowe. Hierdie verhaal speel gedurende die Jula-opstand in 1887 af toe 'n groepie Blankes in die feitlik ondeurdringbare Lengawoud, volgens Pondo-oorlewering die woonplek van die Tokkelossie, gaan skuiling soek het. Te midde van byna bo-menslike ontberinge ontwikkel 'n romanse tussen Peter Dross en Lucy Lane, albei agtien jaar oud. Parallel met bogenoemde verhaal word ook die lotgevalle van die Setlaars

by die polisiepos te Qumba, waarheen die Lengawoudvlugtelinge op pad is, geskets. Dit is ook een van die weinige verhale wat uitbeeld hoe die Xhosas en Pondo's self deur die periodieke opstande en oorloë geraak is. Kundig verweef in die verhaallyn maak die leser ook kennis met die talle volksgebruike en bygelowe van die Xhosas en die Pondo's.

In kontras met hierdie verhaal beeld Jan Fick in Die grenswag op eensydige en onoortuigende wyse die wedervaringe van Blanke grenskinders gedurende die grenswoelinge uit.

In Die Keuse deur T.C. Pienaar waarin die hooffigure volwassenes is, maar waarmee die tienerleser hom ook sal kan identifiseer, word 'n goeie oorsig oor die lewe aan die Oosgrens tydens die oorloë gegee. Die ontberinge van die grensboere en hulle onvermoë om die Britse regulasies te begryp, word op realistiese wyse uitgebeeld.

'n Aantal romantiese-avontuurverhale wat histories slegs van waarde is in soverre dit die atmosfeer van die tyd weergee, kan ook met vrug gelees word. Hier kan verwys word na twee verhale deur Marie van de Merwe, naamlik Die rooi assegaai en Boeie van liefde, Skadu van die berghaan deur Hermie Hendriks en Bloedspore oor grensplaas deur Nanda Pauw.

Die heldedaad van Elizabeth Salt wat tydens die agtste Grensoorlog 'n vaatjie kruit na die vasgekeerde troepe geneem het, word deur P.W. Grobbelaar geskets in die bundel Die eensame jagter en ander Afrikaanse heldeverhale (p.4-7). Dit is egter nie 'n verhaal in die

werklike sin van die woord nie, maar slegs geskiedenis in versuikerde vorm. Die illustrasie op bladsy 6 is nie histories korrek nie, want Elizabeth het die kruitvat in 'n tjalie toegedraai, skynbaar om die Xhosas onder die indruk te bring dat dit haar baba was. Dit word nie as sulks in die illustrasie uitgebeeld nie.

Anna Minnaar-Vos slaag ook nie in Skiet wortel en groei : die verhaal van vyf Setlaarsvroue daarin om die heldedaad van Elizabeth Salt tot 'n meelewende, boeiende verhaal uit te bou nie. Dit is 'n blote weergawe in eerstepersoonsvorm van die feitlike gebeure.

Die verhaalmoontlikhede in die Oosgrenstydperk is verder aangevul deur die koms van die Britse Setlaars in 1820. Die ontberinge op die lang seereis was maar 'n geringe voorsmakie van die ontnugtering wat daar op hulle gewag het in die Suurveld waar hulle as buffer tussen die Kaapse koloniste en die Xhosas gebruik is. Baie van die Setlaars was nie boere nie en hulle is ook nie toegelaat om slawe aan te hou of Hottentotte in diens te neem nie. Dit is dus duidelik dat daar vir die Setlaarkinders nie veel tyd vir ontspanning was nie. Die gewaarwordinge en belewenisse van die kinders en jongmense vanaf die eerste dag toe hulle onder die blote hemel afgelaai is, bied dus ruim verhaalstof vir realistiese, avontuur, romantiese en karakterverhale, want die feit dat soveel van die Setlaars ten spyte van onkunde en terugslae tog sukses behaal het, moet beslis ook toegeskryf word aan die durf en deursettingsvermoë van die kinders en jongmense wat hulle ouers se enigste arbeiders was.

Min van die verhale wat oor die 1820-Setlaars handel, slaag egter werklik daarin om die gees van hierdie periode vas te vang en op dinamiese en aangrypende wyse aan die leser oor te dra. Veral die besondere moontlikhede wat dit vir kinderverhale bied, word nie ontgin nie. (Hier dink 'n mens veral aan die vrees-opwinding by die aankoms; die vreemde dieregeluide die eerste nag in die veld; die eerste rit op 'n totaal vreemde vervoermiddel - die ossewa, ens.)

In Strangers in the land (Afrikaanse titel : Aankoms in Albanië) deur Jenny Seed ervaar Matthew Thompson, twaalf jaar oud, saam met sy gesin die probleme wat die Setlaars die hoof moes bied. Die verhaalstof is histories korrek, maar dit is meer 'n vertelling as 'n meelewende ervaring. Dit word versterk deurdat daar byvoorbeeld herhaaldelik na Matt se vader as Mr. Thompson verwys word. Dit skep onnatuurlike verwydering tussen die hoofkarakter en die verhaalgebeure. Eers wanneer Matt saam met Jerry, weeskind en gedrosde lyfbediende van 'n ander Setlaar, wegloop en smoushulp word, word dit 'n geslaagde avontuurverhaal. Jerry se leuse: "As ek nie van 'n ding hou nie, loop ek net weg, uit en klaar" (p.10) vorm die geloofwaardige verbindings-element vir 'n reeks boeiende avonture. Die geestelike volwassenheid waartoe albei seuns gebrei word, word dan ook sinvol saamgevat in Jerry se besluit om sonder dwang na die Thompsons terug te keer en hom aan die voogdyskap van Matt se pa te onderwerp. Die Engelse uitgawe se stofomslagillustrasie is kleurvoller en treffender as die van die Afrikaanse uitgawe.

Onrus op die Oosgrens is 'n jeugverhaal deur D.N. Pfaff. In die verhaal word drie verhaaltipes - die realistiese, avontuur en romantiese - sinvol verweef.

Die probleme en ervarings van die Setlaars en die ontluikende liefde tussen Jean en Pierre word verweef met die spanningslyn gebou rondom die avontuur van smokkelhandel. Jean se vader neem 'n eed by die graf van haar moeder om die smokkelaar wat die gewere aan die Xhosas verkoop, aan die kaak te stel. Die skrywer slaag daarin om elke karakter as mens uit te beeld. Selfs die randfigure, byvoorbeeld Jean se suster Nancy en die Hottentot Karools word as lewende mense vergestalt. Die verhaal het ook 'n deurlopende tema naamlik dat die twee nasionaliteite kan verenig om selfs 'n beter nasie te vorm en dat hulle net sal oorleef as hulle saamstaan. Hierdie boeiende verhaal is gerig op 'n wye lesersgroep tussen ongeveer twaalf en agtien jaar.

'n Ander verhaal wat in taal, styl en verhaalinhoud uitsluitlik gerig is op die jongvolwassene is Wild dog running deur Alan Scholefield. Iets meer as die normale Setlaarsprobleme word by die verhaal betrek deurdat John Southgate (17) hom by 'n groep gewetenlose ivoorjagters aansluit ten einde sy inkomste aan te vul. Hul buurdogter Charlotte Vickers volg hom en die ontluiking van 'n volwasse liefde tussen hulle vorm 'n belangrike deel van die boeiende en oortuigende verhaal.

P.W. Grobbelaar is tot dusver die enigste skrywer wat gebruik maak van 'n besondere tipe historiese verhaal wat 'n mens spookstorie-historiese verhale kan noem. Een van hierdie spookstories speel dan ook in die Setlaarstydperk af. Dit word verhaal onder die titel Die goeie bloed in die bundel Knapsak. Die verteller op besoek aan Port Alfred merk een aand 'n aantal figure wat na 'n kasteel op pad is. Hy volg hulle en bevind hom op 'n gemaskerde bal tussen die 1820-Setlaars. Hulle gesels skertsend oor hulle probleme en

die flaters wat hulle begaan het. Wanneer die verteller egter tot die gesprek wil toetree, word dit donker en bevind hy hom skielik langs die Kowierivier. Die rivier tree dan as verteller op en lig hom in dat die Setlaars van goeie bloed was - vandaar die titel van die verhaaltjie. Die skets slaag egter nie as verhaal nie, want dit is slegs 'n onbetrokke vertelling.

In Skiët wortel en groei : die verhaal van vyf Setlaarsvroue laat Anna Minnaar-Vos die vroue hul eie verhale in eerstepersoonsvorm vertel. Die verhale van Elizabeth Salt en Mary Illes handel slegs oor die Xhosa-oorloë, terwyl die verhale van Jane Hoole en die twee sendelingvroue Jane Ayliff en Anna Shaw lig werp op die koms van die Setlaars na Suid-Afrika en hulle ontberinge hier. Die werk berus op deeglike navorsing, maar met die uitsondering van die verhaal van Mary Illes, bly dit bloot geskiedenisfeite in verhalende vorm. Daar is geen deurleefdheid en meelewing en dus ook geen ruimte vir identifikasie met die karakters nie.

'n Ander werk wat nie 'n verhaal as sodanig is nie, maar wat tog bruikbaar is vanweë die dramatiese wyse waarop die geskiedenis van Grahamstad verhaal word, is F.C. Metrowich se Assegai over the hills. Vanaf die staaltjies oor die eerste predikante, "who could not by any stretch of imagination be classified as saintly characters," (p.30) tot by die beskrywing van die onmenslike strawwe wat vir wetsoortreders opgelê is, leef die leser saam met die karakters in hierdie werk.

In They paid a savage price deur Leonard McNally is die hoofkarakters, Leonard en Emmy Hinton, volwassenes.

Die ontberinge maar ook die persoonlike oorwinnings word op boeiende wyse verhaal.

Trekboerkinders

In elke era bied die wedervaringe van die Trekboerkinders ideale verhaalstof. Die Trekboere het onder die leenplaasstelsel al verder die binneland ingetrek. 'n Groep van hierdie boere het hulle reeds oorkant die Oranjerivier gevestig nog voordat die Groot Trek begin het. Hulle was onafhanklike pioniers wat in isolasie geleef het, selfvoorsienend en onverskrokke was. Dieselfde eienskappe sou 'n mens beslis by die kinders en die jongmense terugvind. Die term "jongmens" met betrekking tot dié pioniersgeslag is 'n relatiewe begrip, want 'n seun kon reeds op sestien sy eie leenplaas bekom, trou en met 'n gesin begin. Elke stap verder die binneland in het nuwe uitdagings en gevare beteken. Dit was 'n voortdurende stryd teen die natuur en die inheemse bewoners, naamlik die Boesmans, Korannas, Griekwas en Swartvolke.

In Land of distant horizons skets Victor Pohl die ervarings van so 'n Trekboergesin. Die kinders beleef allerhande avonture, byvoorbeeld 'n leeujaag, maar daar is geen werklike spanningslyn nie. Die karakters bly vae figure wat identifikasie onmoontlik maak. Die verhaalgang word ook telkens onderbreek deurdat die historiese agtergrond eers geskets word. Vanaf bladsye 26 tot 29 word byvoorbeeld verduidelik wat die verskil tussen die Trekboere en die Voortrekkers is.

In Somer van die rooi Gariep deur Greta Sauerman verdwaal die agtjarige Omri en beland op 'n eiland in die Oranjerivier. Hy beleef 'n hele aantal avonture en kwyt hom onrealisties goed van sy taak. Die styl en

omvang van die verhaal pas nie by die ouderdom van die hoofkarakter nie. Hy noem byvoorbeeld die eiland waarop hy is: "Paradys" (p.25) 'n onwaarskynlike begripskonnotasie vir 'n agtjarige. Die verhaal raak meer aanvaarbaar wanneer die jongman, Adriaan, op die toneel verskyn en daar 'n verskuiwing van hoofkarakter is. Die spanningslyn wentel dan om die oorlewingstryd van Adriaan en Omri teen die Korannas wat op die oorlogspad uit is. Taal en stylgeykthede doen ook afbreuk aan die verhaal. Enkele voorbeelde hiervan is: "Die maan bloei in die roerlose nag" (p.25) en "Toe Omri wakker word, spartel die silwervoëls in sy brein" (p.98).

'n Ligte ontspanningsverhaal wat ook in hierdie geweste afspeel en hoofsaaklik handel oor die konfrontasie met die Korannas is Waters van die Gariep deur Hermie Hendriks. Temmers van die Noordweste deur Elizabeth Vermeulen is 'n oppervlakkige weergawe van die ontberinge wat die pioniers in die landstreek moes deurmaak.

Die avontuurlike lewe van die Trekboere is verder verhoog deur gereelde jagtogte na die binneland. Vanaf 1815 het hierdie jagtogte 'n nuwe avontuurdimensie bygekry, want duisende Swartmense is gedurende hierdie tydperk ontwrig en het self mensejagters of -prooi geword. Deur 'n golfbeweging bekend as die difaqane wat deur die leërs van Dingiswayo en Shaka begin is, moes talle Swartstamme vlug. Ten einde voedselvoorrade te verkry, moes die vlugtende stamme ander stamme aanval. So is die aantal vlugtende stamme daaglikse vermeerder en duisende mense is om die lewe gebring. Hierdeur is die ekologiese sisteem van mens en dier versteur. Talle Swartmense het hulle tot kannibalisme gewend en

roofdiere het so gewoon aan mensvleis geword dat hulle hul vrees vir mense verloor het (Wilson & Thompson, 1983, p.395).

So 'n jaggeselskap kon dus maklik deur 'n ontstamde Swartgroep bedreig word of kannibale en mensvreter-roofdiere ten prooi val. Hierdie tydperk bied dus uitstekende verhaalgoontlikhede vir jagverhale met iets meer as die normale jagter-prooi ontmoeting tussen mens en dier.

Victor Pohl benut hierdie verhaalgoontlikhede in Savage hinterland (Afrikaanse titel : Oor die Gariep). Die vyftienjarige Pierre du Toit vergesel sy oom op 'n olifantjagtog in die Transgariep. Die jaggeselskap word uitgemoor terwyl Pierre, die Boesman Stompie en Siebie in die veld is. Hulle pak die tog terug na die beskawing te voet aan. Die verhaal van hulle ontberinge word boeiend en sonder melodrama vertel. Hulle sien byvoorbeeld hoe 'n mensvreter 'n Swartman vang. Die illustrasies vang die atmosfeer van die verhaal baie goed vas. Treffend veral is die kontras tussen die netjies afgeronde illustrasie op bladsy een waar die volle geselskap op die jagtog vertrek en die laaste illustrasie (p.129) waar die gehawendheid van die drie oorlewendes plasties deur enkele penstrepe uitgebeeld word.

In Vallei van die skedels, een van die verhale waarvoor H.J. Vermaas in 1966 die Scheepersprys vir jeuglektuur ontvang het, vergesel Flippie en Kosie hul vader, Groot Giel, en sy vriende op 'n olifantjagtog. Hulle slaan kamp op naby 'n berg en dan gewaar hulle 'n groot lomp ding in die skemer. Groot Giel hoop dis 'n mens, want dan sal hy gerus voel en verder

op die jagtog vertrek. Maar hierdeur maak hy 'n groot oordeelsfout, want dis die reuse mensvreter Rokotsoane. Wanneer hy terugkeer van die jagtog is Faan deur die mensvreter opgeëet en Peet geestelik versteur omdat hy ook byna gevang was. Gelukkig het die twee seuns daarin geslaag om die mensvreter dood te skiet. Dit is 'n avontuurverhaal wat suiwer op die spannende gebeure gerig is. Geen poging tot karakterbeelding is aangewend nie, maar die gebeure word op so 'n boeiende, naelkou-spannende wyse weergegee dat die aandag van die leser tot op die end gevange gehou word. Die enkelsinparagrafe is 'n uitstekende tegniek om spanning uit te beeld. Hierdie verhaal is 'n boeiende weergawe van kinders se ervarings op 'n jagtog. Daar is 'n noue ontkoming met leeu en dan die vreesaanjaende gebeure met die mensvreter.

Die Swartstamme se ervaring van hierdie mensvretertydperk word in Maripane deur Otto E. Schweltnus weergegee. Alhoewel die verhaal nie so spannend is nie, is dit nogtans boeiend.

In die jare voor die Groot Trek het sendelinge hulle onder die Swartstamme in die binneland begin vestig. Die verhaal van Robert Moffat se sendingwerk onder die Namas, Griekwas en Matabele word vertel in die verhalende biografie Die groot fontein deur Gabrielle Malan. Die vertelstyl is boeiend en gedeeltes van die verhaal kan selfs as voorleesmateriaal vir jong kinders gebruik word.

Die Groot Trek

Die Groot Trek word deur die meeste Afrikanerhistorici as die belangrikste gebeurtenis in die Suid-Afrikaanse

geskiedenis beskou, veral vanweë die verreikende gevolge daarvan. Eerstens het dit meegebring dat die Blankbewoonde oppervlakte binne vier jaar meer as verdriedubbel het; tweedens het dit die ruimte vir Swart-Wit konflik vergroot deurdat dit die Blankes met 'n hele aantal onafhanklike Swartvolke en stamme in aanraking gebring het en derdens het dit die magsewewig help verskuif vanaf 'n ekonomieswak landbougerigte suide na 'n mineraalryke noorde. Derhalwe is die Groot Trek en die vestigingstydperk daarna ook een van die vrugbaarste tydvakke met die oog op kinder- en jeugverhale.

Die feit dat so min van die verhale en gerugte oor werklike gebeure uit hierdie tydperk behoorlik gedokumenteerde geboekstaaf is, bied aan die skrywer 'n welkome bewegegruimte, aangesien verhale en karakters geskep kan word wat makliker aan die basiese vereiste van historiese korrektheid, naamlik "dit kon so gebeur het", kan voldoen. Die gerugte en werklike gebeure kan ook as stimulasie dien, byvoorbeeld die verhaal van die trekkerseun Ferdinand Paulus van Gass wat verdwaal het en 'n tydlank saam met 'n groep vlugtende Zoeloes gewoon het voordat hy weer by sy eie mense uitgekom het. Die Van Rensburgtrek is langs die Limpopo uitgemoor, maar hardnekkige gerugte wou dit hê dat twee kindertjies se lewens gespaar is en dat hulle onder die Matabele opgegroeï het. Daar is ook die gerug van die spookvrou wat die Trekkers in die slag van Vegkop bygestaan het. Die verhaal van die dapper Dirkie Uys is alom bekend en dit is moontlik dat ander Trekkerseuns net sulke heldedade kon verrig. Ons dink hier byvoorbeeld aan die jong Petrus Bezuidenhout wat alhoewel hyself ernstig gewond was, die lewe van ander Trekkers gered het deur hulle betyds teen die Zoeloe-aanvalle te waarsku.

Dat alle Trekkerkinders en jeugdiges nie noodwendig onverskrokke helde hoef te wees nie, blyk uit Louis Trichardt se dagboek waar hy verhaal van die drie seuns wat besluit het om terug te loop Kolonie toe omdat hulle die gesukkel op die Trek nie meer kon verduur nie. Binne 'n paar dae was hulle egter al grensende terug by die Trek, omdat die staptog terug nog minder aangenaam was. Die feit dat twee redelik volledige dagboeke uit hierdie tydperk, dié van Louis Trichardt en Erasmus Smit wel behoue gebly het, bied aan die skrywer die geleentheid om met betrekking tot fyner detail, byvoorbeeld wat hulle geëet en gespeel het en hoe hulle skoolgegaan het, histories korrek te wees, terwyl hy sy eie krakers en verhaalstruktuur kan skep.

Hierdie tydperk met sy groot skat van verhaalstof, bied die moontlikheid dat elke verhaaltipe gebruik kan word, byvoorbeeld realistiese verhale oor jong kinders se gewaarwordinge wanneer daar getrek moes word; die speelgoed wat moes agterbly; die vrees wanneer riviere op vlotte oorgesteek moes word; die senutergende tog teen die Drakensberge af; ens. Die feit dat talle huwelike en geboortes op trek plaasgevind het, bewys dat daar ook tyd was vir die romantiese en dit kan as stimilus dien vir realistiese liefdesverhale vir jongvolwasse. Die bron vir avontuurverhale is onuitputlik, die verskillende aanvalle en teenaanvalle op en deur die Trekkers en die Swartstamme; die voortdurende konfrontasie tussen die mens en die ongerepte natuur; ens.

In The Unknown land deur Jenny Seed beleef die leser die eerste deel van die Groot Trek deur die oë van die elfjarige Pieter Steyn. Pieter is in die Liebenberg-laer wanneer hulle deur 'n Matabele-impi aangeval en uitgemoor word. Hy slaag daarin om te ontsnap en die

ander Trekkers te waarsku. Die rustige vertelstyl laat egter te veel van die spanningselement wat wel in die verhaalstof teenwoordig is, verlore gaan. Die skryfster vertel byvoorbeeld hoe vreesbevange Pieter tydens die vlugtog en die geveg was sonder dat 'n atmosfeer van spanning geskep word. Die oortog oor die Oranjerivier word op 'n realistiese en boeiende wyse uitgebeeld.

Alhoewel Pieter as karakter ontwikkel vanaf 'n vreesbevange en onseker seun tot 'n gelukkige lid van die trekgeselskap wanneer hy sy pa se goedkeuring verdien het, oortuig die karakter nie werklik nie. Alhoewel die Afrikaanse uitgawe met die titel Die onbekende land 'n aantreklike stofomslag het, vorm die illustrasies nie dieselfde eenheid met die verhaal as dié in die Engelse uitgawe deur Heinemann nie.

Santie Grosskopf gee ook in My eerste groot boek oor ons land 'n goeie weergawe van die voorbereiding vir die trek. 'n Spanningslyn word gebou rondom Sarie (7) se pop wat wegraak.

Ook Mikro beeld die ervaring van kindwees op die Trek uit in Die Wiel. Anna Malan (6) ontdek 'n kruiwawiel en dit word vir haar die instrument waarmee sy togte na verre onbekende lande onderneem. Die onderwyser help haar om, teen haar pa se uitdruklike bevel, die wiel saam te smokkel wanneer die trek begin, want die wiel is die simbool van hulle geloof en hy glo ook dat elke mens 'n droom moet hê. Die wiel maak dus die hele trek mee. Selfs toe die wiel die oorsaak daarvan is dat Anna verdwaal, neem oom Thys maar weer die wiel saam omdat ook hy uiteindelik tot die besef gekom het dat 'n mens 'n droom (die wiel) net so nodig as ander noodsaaklike lewensmiddele vir oorlewing het. Dit is 'n

pragtige verhaaltjie vir sewe- tot agtjariges. Die waarde daarvan word verder verhoog deur die sielvolle illustrasies deur Osmond Gerber.

In Hansie Smal en ander Afrikaanse heldeverhale skets P.W. Grobbelaar die wedervaringe van vier kinderkarakters voor en gedurende die Groot Trek. Die titelverhaal vertel van Hansie Smal wat sy lewe opgeoffer het in 'n poging om 'n stuk staal wat hy by 'n buurtrek moes gaan leen, betyds by sy pa te kry. In 'n eenvoudige vertelstyl word iets van die sorgloosheid van die lewe van Trekkerkinders, maar ook van die voortdurende gevaar waarin hulle verkeer het, weergegee.

Die tienjarige Hansie skiet byvoorbeeld 'n luiperd en op 'n ander keer word sy perd deur 'n Matabelekryger onder hom doodgesteek en ontkom hy ternouernood aan die dood. Dit is goeie voorleesmateriaal vir die sewe- tot agtjarige en lekker selfleesmateriaal vir die ongeveer negejarige.

Onder die titel Dirkie Uys (p.18-24) verhaal Grobbelaar op boeiende en meelewende wyse die heldedaad van Dirkie Uys. Die verhaal word aangevul deur realistiese illustrasies. Paultjie vat sy geweer saam (p.28-31) is die verhaal van Paul Kruger wat op 14-jarige ouderdom sy eerste leeu geskiet het. Die laaste verhaal handel oor die vyftienjarige John Ross. Hy het in die herfs en voorwinter van 1827 oor land vanaf Port Natal na Delagoabaai en terug gestap om mediese voorrade vir sy gestrande makkers te kry. Hy is op die tog deur krygers van Shaka vergesel. Op boeiende wyse skets Grobbelaar hoe John op hierdie tog gevaar leer "voel en ruik en proe" het (p.24). Hierdie verhaaltjie, soos die ander in die bundeltjie is gerig op die ouderdomsgroep sewe tot nege jaar. In This Africa of

ours vertel Michael McNeile ook op onderhoudende wyse die verhaal van John Ross. Die verhaal van Dirkie Uys in die volgende bundel More true stories from this Africa bewys egter dat hierdie verhale nie op deeglike navorsing berus nie, want daarvolgens staan Dirkie in die kombuisdeur en luister hoe sy ouers argumenteer of hy mag saamgaan op die veldtog of nie, terwyl die Voortrekkers voor die slag van Italeni beslis nog in waens en tente gebly het.

'n Verhaal waarin meer as net 'n kind se avontuurlike wedervaringe op die trek uitgebeeld word, is The broken spear deur Jenny Seed. Die tienjarige Dirk, wat sy ouers in 'n Xhosa-aanval verloor het, word deur Sarel van Wyk "aangeneem" maar dikwels mishandel. Een-dag terwyl hy 'n heuningnes wou uithaal, val hy hom bewusteloos en word deur die jaggeselskap agtergelaat. Hy word deur Zoeloes gevind en hy raak bevriend met die Zoeloeseun Tuntu.

Wanneer die Zoeloes hom terugneem na sy eie mense gee hy sy mes aan Tuntu as afskeidsgeskenk. Maar dan vind die Bloukransmoorde plaas. Dirk wat onder die wa skuil, hoor die geskreeu van die kinders en hul bloed spat op hom toe hul koppe teen die wiele verbrysel word. Nou haat Dirk die Zoeloes met 'n verterende haat. Dit maak hom totaal gevoelloos by die aanskoue van al die Zoeloelyke na die slag van Bloedrivier, totdat hy sy mes sien en op Tuntu se lyk afkom.

Wanneer die Trekkers in die laer 'n psalm aanhef waarin hulle God loof omdat Hy altyd oral is, dink Dirk verbitterd: "It is a lie. God is not here in this terrible country." Dis nie meer vir hom die beloofde land van melk en heuning nie, maar van "murder and massacre, a place of fear and treachery, a place where the rivers ran with blood.." (p.162).

Dit is 'n besonder objektiewe verhaal. Wanneer die wenkommando by Dingaan se kraal kom, kyk Dirk ook uit oor die vallei en verstaan hy skielik Dingaan se vrees dat hy soos Mzilikazi oorwin en verdryf sal word - vandaar sy optrede teenoor die Blankes. Dirk is 'n karakter wat leef en aangryp. Elke gedagte en gebaar is oortuigend. Vanweë die skaarste aan historiese verhale van hierdie gehalte behoort hierdie verhaal ook in Afrikaans vertaal te word.

Sekere gebeure in bogenoemde verhaal herinner sterk aan die wedervaringe van die reeds vermelde Ferdinand Paulus van Gass. Daar is twee verhale beskikbaar wat op sy wedervaringe geskoei is, naamlik Wit Oemfaan deur F.A. Venter en Die Agterryer deur C R Swart. Albei verhale berus op feite soos aangeteken deur dr. Gustav S. Preller. Teenoor die werk van C.R. Swart waarin Ferdinand 'n leë karakter bly en die leser hom nooit met sy wedervaringe kan vereenselwig nie, staan F.A. Venter se verhaal Wit Oemfaan. Laasgenoemde is die boeiende herskepping van die gebeure wat in hoofsaak op die werklikheid berus.

Nadat Paulus per ongeluk deur die verkenningsgeselskap by die Umgenirivier agtergelaat is, pas hy gou aan by die vrye lewe in die natuur, want nou is hy ten minste ontslae van die tirannie van sy stiefvader. Op 'n dag is hy egter genoodsaak om saam met 'n groep Zoeloes voor 'n impi van Dingaan uit te vlug. Die wedersydse haat en wantroue word goed uitgebeeld. Hulle word spoedig gedwing tot 'n belangrike keuse - werk saam of sterf aan die hand van Dingaan se impi. 'n Vriendskap ontstaan tussen Paulus en die Zoeloeseun Felaphi. Paulus besluit om ook Zoeloe te word. "Ek wil ook so leef. Ek wil graag soos die wind wees wat waai wanneer hy wil en gaan lê wanneer hy wil," sê hy aan hoofman Sibiya.

Maar wanneer Paulus deur die dood van die blouapie sy vryheidsillusie afgelê het, besluit hy om terug te keer na sy eie mense. Die tema dat volkome vryheid nie bestaan nie en dat elke mens eiesoortig is, word sinvol uitgebeeld en goed gemotiveer. Die twee partye se beskouings, hul haat, bitterheid en wraaksugtigheid teenoor mekaar word op 'n objektiewe wyse weergegee. Die besef word gelaat dat hulle as mense saam kan leef, maar as kultuurgroepe mekaar haat - 'n haat gebore uit onkunde en historiese werklikhede. Die verhaal word met 'n ondertoon van hoop afgesluit, want Paulus beloof om vir die Umbo 'n skild te wees en Felaphi gee aan hom sy polsband, waarmee hy juis sy assegaaihand teen die Witmense wou versterk, as afskeidsgeskenk.

Wilde Avontuur deur W.S. Sutherland is 'n ander verhaal wat sterk aan die wedervaringe van Van Gass herinner. Kasper de Kock is die enigste oorlewende nadat die Trekgeselskap uitgemoor is. Hy vind skuiling in 'n grot in 'n vallei wat in 'n uitgewerkte vulkaan ontstaan het. Hy beleef asemrowende avonture wat soms net te onwerklik is. Dit is ook onnatuurlik vir 'n seun van ongeveer veertien jaar om gedurig te wonder wat die mense sal dink as hulle hom kom haal en sy grothuis is nie netjies en agtermekaar nie. Kassie is te veel 'n tipiese "super Trekker". Hy toon byvoorbeeld nooit tekens van werklike smart oor die dood van sy ouers nie.

M.E.R. konsentreer in Die Tweeling trek saam meer op die alledaagse wedervaringe op die trek : die aande rondom die kampvuur; reëndae wat laatslaap en geselsdae was; seuns wat wegloop veld toe om skelm te gaan jag, ens. Die tipiese lewenshouding van die tyd word op sobere wyse weergegee. Toe Piet Retief aan die twaalfjarige Gert vra of hy al self iets geskiet het, is sy

antwoord: "'n Swarte, oom" (p.70). Ten spyte van stylgebreke - 'n volwassene wat afpraat na kindertoe-toehoorders, maak die fyner besonderhede oor die trek-lewe tog van hierdie verhaal iets besonders. Feite soos die maak van die ABC op gladde stukkie hout; skaarsheid van papier; garedrade uitryg vir hergebruik en ink wat uit waboomblare gemaak word, word sinvol by die verhaal betrek.

Die moorde op die Trekkers word met sobere realiteit beskryf. Aangrypend veral is die verband tussen die toneel op bladsy agt-en-vyftig waar Nina die siek Kleinboetie se koppie teen haar skouer vasdruk en waar hulle hom by Bloukrans vind nadat sy koppie teen 'n klip verbrysel is. Die Tweeling trek saam waarvoor M.E.R. in 1961 die Scheepersprys vir jeuglektuur ontvang het, is 'n verwerking van Kinders van die Voortrek wat oorspronklik in 1920 verskyn het.

The white mountain deur Peter en Anne Cook is 'n spanningsverhaal rondom die Wenen en Bloukransmoorde toe vier jongmense deur Zoeloekrygers in 'n grot vasgekeer is. Die taal en styl is geskik vir die tien- tot twaalfjarige leser, maar die verhaal word so boeiend aangebied dat dit ook ouer lesers sal boei.

Twee verhale waarin daar suggestie of direkte verwysing na die rol van die bonatuurlike is, is Peter : a tale of the Great Trek deur L. Bowditch en Lang-kappie is haar naam deur Pieter W. Grobbelaar.

Peter is 'n aangrypende verhaal wat die lewe van kinders en jongmense op die trek realisties uitbeeld. Die vete tussen Hans en Peter (15) vorm die saambindende faktor in die verhaal. Peter slaag telkemale daarin om Hans se wraak, en dus die dood, naelskraap te ontkom.

Anette suggereer dat dit Peter se gestorwe broer is wat oor hom waak. Die klem val op die avontuurlike gebeure, tog word Peter, Jan en selfs die ietwat sinistêre Anette uitgebeeld as mense waarmee die leser hom kan identifiseer. Die sterk klem op Anette wat vreemde dinge "sien" en aanvoel, as agtergrondfiguur, bring mee dat dogters ook aanklank by hierdie verhaal sal vind.

In Lang-kappie is haar naam gebruik P.W. Grobbelaar al die bekende spookstorie-elemente om 'n grillerige storie teen die agtergrond van die Groot Trek te skep. 'n Uittreksel uit die Reisjoernaal van Joachim Overduijn (1792-1838) gee aanleiding tot die vreemde verhaal waarin Dewald Lamberts sy siel aan die duiwel verkoop, sy trekgeselskap laat uitmoor en 'n jong dogtertjie, Mara, se siel ook inpalm sodat hulle vandag steeds saam met ander verdoemdes in 'n hellewa rondjaag. Alhoewel dit 'n boeiende verhaal is, is dit vanweë die sterk vrees-element en die grusaamhede daarin vervat beslis nie vir kinders aan te beveel nie.

Marie van de Merwe het twee romantiese verhale vir die jeug rondom die Groot Trek-gebeure geskep. Sonpad oor die berge handel oor die Trichardt-trek. Historiese gebeure soos verkry uit Trichardt se dagboek word goed verweef met die sentrale verhaallyn, naamlik die ontluikende liefde tussen Nathan en Althea. Die leser beleef die ontberinge maar ook romantiese uurtjies saam met hulle op die trekpad. Die karakters is egter te eensydig uitgebeeld. Nathan en Althea is net te goed en te edel om te oortuig.

In Slingerpadd van die lewe ontvou die verhaal van die liefdesvierhoek tussen Mias, Isa, Liesie en Ras teen die agtergrond van die Retief-Maritztrek oor die Drakensberge. Die moord op Retief word ook sinvol by die verhaal betrek.

Die Groot Trektydperk het ook 'n aantal minder geslaagde jeugverhale opgelewer. Buffeltemmer deur Johann Bekker is die verhaal van twee Blanke kinders wat onder die Matabeles opgegroeï het. Buffeltemmer ontdek eers sy ware herkoms nadat hy baasvegter en held van sy stam geword het. Hy help die Witmeisie Mantasuma met behulp van sy vriend Ystergreep ontsnap. Alhoewel die spanning goed volgehou word, slaag die verhaal nie, omdat die karakters nie lewensgetrou uitgebeeld word nie. Buffeltemmer wat tussen die Matabele opgegroeï het, as "'n wit kalf van 'n swart koei" (p.17), het nog nooit met Blankes in aanraking gekom nie, tog dink hy in Blanke terme, byvoorbeeld die gebruik van die woord "naturel" op p.27. Wanneer hy Mantasuma die eerste keer sien dink hy: "Sy is van geboorte van sy eie nasie .." Hy is trots op haar omdat sy van sy eie ras is (p.62). Buffeltemmer se innerlike stryd oor waar sy trou lê, is oppervlakkig en sonder meeleving en oortuig dus glad nie.

Johanna Cloete en ander verhale uit die tyd van die Voortrekkers deur J.D. Kestell is 'n viertal soetsappige verhaaltjies sonder veel historiese of letterkundige waarde. In Fanie : 'n storie van vriendskap en liefde en avonture met 'n stukkie gouddraad uit ons heldeverhale saamgeveg skets Nico Hofmeyer op hoogdrawende wyse 'n tipiese Afrikanerheld wat nooit iets verkeerd gedoen het nie en net voortdurend moes ly onder die gruwelike barbare.

Alhoewel Nic J. Strydom in Boerseuns spannende verhaalstof soos verkenningstogte en die slag van Bloedrivier gebruik, is dit geensins 'n avontuurverhaal nie omdat 'n spanningslyn ontbreek. Die karakters belêf ook nie die gebeure nie - dit is slegs 'n rustige vertelling van wat met Hans Dons (De Lange) en sy seuns-verkenners gebeur het.

In Dawid Malan deur D'Arbez is Dawid en sy meisie Martjie deel van die Retieftrek. Nienaber sê in sy kritiek op hierdie verhaal die volgende: "Dié historiese roman (is) vol sentimentele patetiese tonele en toevallighede. Dawid Malan is maar net 'n middel in die hand van D'Arbez om geskiedenis op 'n handige manier aan die leser op te dis" (1936, p.61).

Onder die titel Teresa van Italië vertel P.W. Grobelaar in Racheltjie de Beer en ander Afrikaanse helderverhale die verhaal van Teresa Viglione wat as smous tussen die Voortrekkers rondbeweeg het. Tydens die nag van die Zoeloe-aanvalle het sy onverskrokke te perd die mense in die verspreide laers gaan waarsku. Dit is 'n onbetrokke vertelling sonder werklike beleving of identifisering met die gebeure.

Daar is ook 'n aantal verhale vir volwassenes wat waarskynlik ook deur tienerlesers geniet sal word. Hieronder tel die tetralogie van F.A. Venter (Geknelde land, Offerland, Gelofteland en Bedoeldeland) waarin die wedervaringe van die Dreyergesin vanaf Grensplaas in die Ooskaap tot en met hulle vestiging in die Transvaal in 1840, uitgebeeld word.

Master of None deur Hjalmar Thesen is 'n unieke verhaal oor die Groot Trek. Die hoofkarakter is Tossie, 'n Khoikhoi werknemer wat die Groot Trek meemaak en dan deur die Matabele gevang word. Wild Conquest deur Peter Abrahams is weer die enigste roman oor die Groot Trek uit die pen van 'n Swartskrywer. Om die beurt word die lotgevalle van die Blankes en die Matabele uitgebeeld totdat die twee groepe by Vegkop trompop bots. Die lewensfilosofie van beide groepe: "Kill them first, or they will kill you" en die geestelike aftakelingsproses wat daarmee gepaard gaan, vorm

die tema van die verhaal. Die andersins boeiende verhaal gaan egter mank aan twee ernstige historiese feite-foute. Die indruk word naamlik geskep dat mense getrek het omdat hulle deur die vrystelling van slawe daartoe gedwing is en dat die Groot Trek vanuit die Kaapstadse omgewing begin is.

In Nege waens ontgin Gerrie Radlof die moontlikheid dat die Van Rensburgtrek na 'n sameswering tussen smokkelaars en die Zoeloes uitgemoor is. Dit is 'n boeiende verhaal maar sonder enige werklike historiese betekenis. Tot in die tiende geslag deur Dorothea Möller-Malan handel oor die wedervaringe van Coenraad Buys (ook bekend as De Buys) en sy Kleurlingseun Doors. Coenraad Buys wat 'n hele aantal Swartvroue gehad het, was waarskynlik een van die eerste Blankes wat hom in die Transvaal gevestig het. Dit is 'n boeiende verhaal wat lig werp op kenmerkende lewensbeskouings wat gedurende die Groot Trektydperk gehandhaaf is.

In Far enough : a story of the Great Trek deur Eugenie de Kalb word die wedervaringe van die Van der Weg's en hulle twaalf kinders tydens die Groot Trek tot en met die anneksasie van Transvaal verhaal. Die Wit Kraai is weer die lewensverhaal van die bekende trekkerverkenner Hans de Lange, beter bekend as Hans Dons. Anna De Villiers slaag egter nie daarin om die historiese feite as 'n boeiende verhaal aan te bied nie.

Vestigingsjare in Natal en die Boere-Republieke

Die besetting van Natal deur Brittanje in 1842 het die Trekkers genoop om terug oor die Drakensberg te trek, waar die Zuid-Afrikaanse Republiek in 1857 en die Oranje-Vrijstaat in 1854 tot stand gekom het. Die beëindiging van die trek het egter nie tot 'n gevestig-

de lewe sonder avontuur gelei nie. In Natal, sowel as die Republieke was daar voortdurend botsings met die inheemse bevolkingsgroepe. Die ontdekking van goud en diamante het talle fortuinsoekers na die binneland laat stroom en 'n nuwe dimensie aan die landelike lewe van die Blanke setlaars gegee en sodoende ook nuwe verhaalsoortlikhede geskep. Goud en diamante het nie alleen rykdom en nuwe avontuur gebring nie, dit het ook voorstanders van Britse imperialisme met nuwe oë na die Boere-Republieke laat kyk. Dit sou voor die einde van die negentiende eeu aanleiding gee tot die Eerste en die Tweede Vryheidsoorloë waardeur die Republieke in 1902 hul onafhanklikheid sou verloor.

Die vestigingsjare waarin Afrikaners hulle in die Vrystaat en Transvaal en Engelse setlaars hulle in Natal gevestig het, bied 'n wye spektrum van verhaalsoortlikhede. Die verhaalstof bied moontlikhede vir realistiese verhale waarin kinders en jongmense se aandeel in die tem van die ongerepte landstreke uitgebeeld word, tot avontuurverhale met die oorloë en voortdurende stryd om oorlewing as agtergrond.

Dat die alledaagse lewe, tesame met die unieke karaktertrekke wat hierdie pionierskinders ontwikkel het, wel ruimte bied vir realistiese/avontuurverhale blyk uit die bekende verhaal van Racheltjie de Beer. Woonagtig aan die Transvaalse kant van die Drakensberg het sy en haar broertjie, ten spyte van 'n dreigende storm, na vermiste vee help soek. Toe 'n sneeustorm hulle oorval, was Racheltjie gewillig om haar lewe op te offer in 'n poging om dié van haar boetie te red. Ongelukkig het hierdie aangrypende verhaal nog nie werklik in 'n historiese verhaalvorm beslag gekry nie. P.W. Grobbelaar gebruik dit wel in die titelverhaal in Racheltjie de Beer en ander Afrikaanse heldeverhale maar dit bly bloot 'n vertelling. Niks van Racheltjie

se vrees, haar wanhoop of berusting in die skadu van die dood word weergegee nie.

H.J. Vermaas het geen buitengewone avontuurlike agtergrond nodig gehad om 'n boeiende jeugverhaal te skep in Sy perd staan gereed nie. Die perdetemmer Giel Snetlage ontvoer sy geliefde en die hele verhaal wentel om hulle vlugtog in die berge van Basoetoeland. Die wyse waarop die besondere band tussen Giel en sy perd verbeeld word, dien as goeie teenvoeter vir die andersins melodramatiese styl en die onoortuigende wyse waarop van Valentyn, die ongewenste bruidegom, ontslae geraak word. Dit is een van die verhale waarvoor Vermaas in 1966 die Scheepersprys vir jeuglektuur ontvang het. In Die ongelooflike rit uit die bundel Die eensame jagter vertel P.W. Grobbelaar van 'n ander rit te perd toe Dick King, setlaar-jagter, binne tien dae seshonderd kilometer te perd afgelê het om versterkings te kry nadat die Britse garnisoen deur die Boere in Port Natal beleër is. Ook Michael McNeile gebruik hierdie verhaalgewone in This Africa of ours. In beide gevalle bly dit 'n onbetrokke vertelling.

Die vroeë geskiedenis van Natal word deur Jenny Seed in Prince of the Bay betrek. In die verhaal maak die leser met Henry Francis Fynn kennis deur die oë van 'n vlugtelingsseun Bongiseni. Omdat Fynn 'n vertroueling van Shaka geword het, kon hy vrylik rondbeveeg en het selfs 'n olifantjagtog na die grens van Pondoland onderneem. "Prince of the Bay" was die Zoeloe-prysnaam van Fynn.

Jenny Seed se The Year One (Afrikaanse titel: Die Jaar Een) is 'n realistiese kinderverhaal rondom die belewenisse van die Britse Setlaars wat hulle in 1850 in Natal gevestig het. Die setlaars se optimisme met hulle nuwe tuiste toe hul op 16 Mei 1850 in Natal aan-

geland het, is vervat in die titel van die verhaal: "For it's the first day of the first month of the year one" (p.27). Tog voel die negejarige Alice maar baie huiwerig omtrent alles in die vreemde land waar sy vir die eerste keer 'n mens met 'n donkerbruin velkleur sien. Die verhaal beeld die aanpassingsprobleme van 'n jong kind by die nuwe lewenswyse uit. John Pritchard se illustrasies gee die atmosfeer van die verhaal voortreflik weer. 'n Mens "voel" die ritme van die Zoeloevroue aan in die illustrasie op bladsy vyf-en-twintig. Alhoewel die karakters ietwat stokkerig uitgebeeld word, vind daar tog karakterontwikkeling plaas, want die bang, onseker Alice aanvaar ook die uitdagings wat die nuwe land bied toe sy haar babasus-sie uit die apie se kloue "red". Gwen Westwood maak ook van die vestiging van die setlaars in Natal gebruik as agtergrond vir haar verhaal The pumpkin year. Die verhaal is gerig op 'n effens ouer lesersgroep en beeld die probleme wat tydens die vestiging ondervind is as een heerlike lang avontuur uit.

The Policeman's button is ook 'n realistiese verhaal alhoewel die verhaalstof en ook die Afrikaanse titel Krygers in die Nag, op die moontlikheid van 'n avontuurverhaal dui. In haar rustige skryfstyl vertel Jenny Seed watter indruk die Natal Mounted Police op die tienjarige Richard maak en hoe sy beker van geluk oorloop toe een van die polisiemanne 'n uniformknopie aan hom gee. Richard se nagtelike avontuurtog en die onverstrokke optrede van die Mounted Police word nie benut ten einde 'n spannende en boeiende verhaal daar te stel nie. Die somber illustrasies lewer ook geen bydrae om 'n tienjarige seun se begeerte om 'n polisie-man te word aan die leser oor te dra nie.

Alhoewel Anna De Villiers in Sterker as die noodlot

Dora se lewe vanaf haar agtste lewensjaar tot in haar laat veertigjare uitbeeld, is dit nie 'n kinder- of jeugverhaal nie. Dit gee 'n goeie beeld van die plaas- en skoollewe gedurende die wordingsjare van Transvaal, maar die afwesigheid van meelewing en karakterbeelding maak daarvan 'n saai, oninteressante verhaal. Dieselfde kritiek geld ook vir Grensboere : 'n verhaal uit die dae van President Hoffman deur Thos Blok.

Die voortdurende botsings tussen Blank en Swart, hoofsaaklik oor grondgebied waarop albei groepe aanspraak gemaak het, skep 'n verhoog waarop talle avonture hul kan afspeel. In Natal het hierdie botsings byvoorbeeld gelei tot die uitwissing van die Britse taakmag by Isandlwana en die heldhaftige teenstand by Rorkesdrif en Ulundi. In Zulu Warrior maak Ronald Welch gebruik van die fiktiewe luitenant Maryon om die gebeure by Isandlwana en Rorkesdrif op boeiende wyse aan die leser oor te dra. Daarenteen is die werklike luitenant John Chard wat die held van Rorkesdrif was, die hoofkarakter in P.W. Grobbelaar se Die slag by die drif in Racheltjie de Beer. Die taal en styl is geskik vir die ongeveer negejarige leser, maar dit word nooit meer as geskiedenisfeite in verhalende vorm aangebied nie. Dieselfde kritiek geld vir Michael McNeile se weergawe van die slag van Rorkesdrif in More true stories from this Africa.

Met sy unieke vertelstyl laat H.J. Vermaas die leser in Present deel in die avonture van Salie en sy hond Present. Tydens 'n handelstog in Natal slaag hulle daarin om 'n Zoeloe-aanval af te slaan. Op die buffeljag word hulle deur die Zoeloes in 'n hinderlaag gelei en deur Present se vernuf gered. Die vyftienjarige Salie word nie net as 'n held uitgebeeld nie, maar ook

as 'n seun wat kan huil omdat hy van sy hond afstand moet doen. Alhoewel die enkelsinparagrafe aanvanklik hinder, dra dit by om die spanning tasbaar uit te beeld. Ook vir hierdie verhaal is Vermaas in 1966 met die Scheepersprys vir jeuglektuur bekroon.

Die voortdurende botsings tussen die Basoetoë en die Vrystaters vorm die agtergrond vir twee geslaagde jeugverhale. Die Nagberg deur J.J.G. en P.W. Grobbelaar. speel hoofsaaklik af rondom die veldslag waarin Louw Wepener op Thaba Bosigo, die Nagberg, gesneuwel het. Die waarde van die verhaal is veral geleë in die feit dat die Vrystaters nie net as onskuldige slagoffers van plunderagtige Basoetoë uitgebeeld word nie. Sonder skroom word feite soos die doodmaak van vroue en kinders, ten spyte van die generaal se versoek dat hulle soos Christenmense moes veg, by die verhaal betrek. Die verhouding tussen Louis en Adelle en die nimmereindigende gekskeerdery tussen die seuns te midde van die oorlogserns, gee aan die verhaal 'n menslikheidsaspek waarby selfs die trae lesers aanklank sal vind. In Die driemanskap : 'n avontuurverhaal uit die dae van President Brand, gebruik J.J.G. Grobbelaar 'n spannende intrige waarby die vernaamste geskiedkundige gebeure van die tyd ook betrek word. Sandberg slaag nie daarin om die liefde van Dirk, een van die driemanskap, se suster te wen nie en heul dan met die Basoetoë om wraak te neem teen die Van Graans. Interessante brokkies oor die skoollewe word by die verhaal betrek. Die onderwyser leer byvoorbeeld die kinders deur middel van 'n dolosspel lees. Die eerste letter van elke os se naam word op sy rug geskryf en die kinders span die osse in om verskillende woorde te skryf. Die Waaghalse uit die bundel Knapsak deur J.J.G. en P.W. Grobbelaar handel ook oor jong seuns se ervarings gedurende die Basoetoë-oorloë.

Uit staaltjies uit die lewe van Adriaan Roux soos vertel deur S.H. Pellissier in Die Kaskanades van Adriaan Roux en die kordaatstukke van Klein-Snel blyk dit dat seuns in die vroeë jare van die Vrystaat genoeg tyd vir katterkwaad ook gehad het. Adriaan was die oudste seun van ds. Roux wat van 1853 tot 1875 predikant op Smithfield was. Die insidente word sonder meelewing verhaal en daardeur gaan die kultuurhistoriese waarde van die werk grotendeels verlore.

In Frans en Soekie-Zoeks het Dorothea Möller-Malan feite wat op 'n werklike gebeurtenis berus, gebruik om 'n verhaal rondom die periodieke opstande onder Swartstamme in die Transvaal te skep. Die tienjarige Frans Bester het 'n geveg tussen die Vendakapteins Makhado en Manavhele en die Blankes by die polisiepos verhoed toe hy op 'n kritieke tydstip die gevegslinies betree het met 'n hondjie as geskenk vir Manavhele.

By 'n ander geleentheid het hy die Venda's so beïndruk met sy grootmoedigheid deur sy hond vir 'n leeu te gooi ten einde sy pa se lewe te red dat hulle selfs bygedra het tot die delging van sy pa se mediese koste. Hierdie gebeure bied die moontlikheid vir 'n aangrypende verhaal met die tema dat skynbaar onversoembare groepe deur medemenslikheid en onbaatsugtigheid tot vreedsame naasbestaan oorreed kan word. Die skryfster slaag egter nie daarin om hierdie verhaalsoortlikhede te benut nie. Frans se wedervaringe word vertel sonder dat dit beleef word, derhalwe word daar nooit 'n atmosfeer van spanning geskep nie, terwyl die gebeure dit juis veronderstel. Die karakterbeelding is ook vaag en on-oortuigend, terwyl die illustrasies geen bydrae tot enige aspek van die verhaal maak nie.

Ontdekking van goud en diamante

Die ontdekking van goud en diamante het gewetenlose fortuinsoekers en skurke, maar ook gewone mense met drome in hulle oë na die delwerye laat stroom. Enkeles was gelukkig om wel die groot diamant of die ryk goudrif te kry, maar almal was onderworpe aan die ontberinge wat in die tent-sink-sak-dorpies op hulle gewag het. Die verhaalmoontlikhede binne so 'n milieu is legio, onder andere realistiese verhale waarin die koors wat almal daarheen gedryf het, verweef word met die daaglikse ervarings. Aan die een kant moes dit 'n opwindende plek vir kinders gewees het met nuwe vriende en buitengewone belewenisse. Aan die ander kant moes hulle ook deur die primitiewe lewensomstandighede en die teleurstelling van hul ouers aan die einde van elke vrugtelose dag geraak word. Daar is die moontlikheid van karakterjeugverhale oor hulle wat ryk en invloedryk geword het en kon help vorm aan die geskiedenis, óf die wat nie karaktervas genoeg was om die rykdom óf die teleurstelling enduit te dra nie. Wetteloosheid en die bekamping daarvan kan weer neerslag vind in avontuurverhale.

'n Verhaal waarin al die genoemde verhaalelemente vernuftig verweef is, is Boetiebossie deur Lucas en Annico van Vuuren. Boetjan is ses toe die droogte hulle na die diamantvelde dwing om "klippies" te soek. Die ruwe, ongenadige lewe op die diamantvelde word treffend deur die oë van 'n sesjarige kind geskets. Sy eensaamheid word tasbaar beleef, want hy verdoop die boetiebossie tot boetiebossie sodat hy sy eie geselsmaatjie kan hê. Perspektief word deurgaans vanuit Boetjan se oogpunt behou. Die verteller sê byvoorbeeld nie hoe droog of hoe maer die beeste is nie, maar: "die beeste word vol ribbes." Elke waarneming

word binne sy ervaringswêreld geëinterpreteer. Dit wat hy nie bewustelik kan verwerk nie kom terug in sy drome en nagmerries. Die feit dat die verhaal so meesterlik vanuit die perspektief van 'n sesjarige aangebied word, bring juis 'n ernstige probleem mee. Die verhaal is te lank om werklik van nut te wees vir daardie ouderdomsgroep. Selfs al word dit as voorleesmateriaal gebruik, sal dit oor 'n tydperk gelees moet word en kinders van daardie ouderdom is geneig om belangstelling te verloor as die tydsverloop tussen voorlesings te lank is. Die lengte van die verhaal maak dit dus eintlik meer geskik vir die + negejarige, terwyl ouer kinders hulle nie graag met karakters wat jongers as hulle self is identifiseer nie.

Ook Jenny Seed laat die leser die lewe op die diamantvelde beleef deur die oë van twee kinderkarakters. In Canvas City (Afrikaanse titel : Die tentestad) gaan Paul en Maggie saam met hulle ouers na New Rush, die latere Kimberley, waar hulle 'n fortuin wil maak ten einde 'n plaas te koop. Aanvanklik ervaar hulle die tentestad as vuil en onleefbaar, maar wanneer hulle die eerste diamant vind, kry almal behalwe Maggie diamantkoors en die suikerplaasdroom word op die agtergrond geskuif. Die spanningslyn wat ontstaan as gevolg van die moontlikheid dat Mnr. Coombs die gesin besteel deurdat Maggie hom telkens in verdagte omstandighede betrap, word nie ten volle benut nie. Alhoewel die leser 'n goeie idee kry van die lewe op die diamantvelde, word die hardheid en ruheid nie werklik vergestalt nie.

Die atmosfeer wat deur die styl geskep word, is te romanties en idealisties en in skerp kontras met die verhaalinhoud.

Ook Gold dust (Katie in die goudvallei) deur Jenny Seed is 'n fyn, delikate verhaal. Alhoewel daar op bladsy 22 gesê word dat Pelgrimsrust geen plek vir vroue en kinders is nie, kry die leser nooit die gevoel van onveiligheid nie. Katie se karakter ontwikkel want aanvanklik ontstel dit haar dat haar hande grof en vereelt is en wil sy ook graag fyntjies in moeseliën gekleed wees. Haar enigste ligpunt op die delwerpe is Tom Ysterkapper, want hy leer haar lees. Toe Tom se lewe een stormnag van haar afhang, is sy bly dat sy nie 'n fyn ou meisietjie is nie. As dankie-sê gebaar gee Tom aan haar 'n stukkie filigraan-goud, "meisie-goud". Dit laat haar ook beseft dat 'n mens nie uiterlike tooisels nodig het om innerlik fyn en mooi te wees nie.

In River of Gold word die veertienjarige Londonaar, Tom Maxwell, se aanpassing in die nuwe land op realistiese en boeiende wyse deur Fay Goldie beskryf. In stede van skoolgaan moet hy leer perdry en jag. Hy gaan saam met sy familie na MacMac waar daar glo 'n rivier van goud vloei. Nadat Tom deelgeneem het aan 'n moordende tog na Delagoabaai, beseft hy dat hy 'n ander soort kleim in sy nuwe vaderland wil afpen, naamlik om te help om die natuurlewe te beskerm. Talle kleurvolle karakters, soos die delwer Kangeroo Joe word gebruik om die delwers- en pionierslewe te vergestalt. Die humoristiese illustrasies deur William Papas dra grootliks tot die sukses van die verhaal by.

Bushveld gold deur Werner Heyns is 'n boeiende avontuurverhaal. Die uiterstes waartoe mense bereid was om te gaan ter wille van goud en die ontberinge op die trekpadd na die goudvelde vorm die kern van die verhaal. Die karakters is egter heeltemal ondergeskik aan die avontuurelement.

In Struben se goue vallei deur John Coetzee vorm die lewe op die delwerye slegs die breë raamwerk vir die oplos van 'n tergende geheim wat sy oorsprong by die slag van Majuba gehad het. In die soeke na 'n oplossing word Simon MacFlann 'n man en ontdek hy dat die bande wat mense aanmekaar bind sterker kan wees as die strewe na rykdom.

Dit is veral deur middel van sy Buks-reeks dat John Coetzee hierdie tydperk uit die geskiedenis vir die jong leser laat leef. Omdat Buks Jonkers (14-15 jaar) 'n weeskind is en om die beurt by verskillende van sy ooms en tantes woon, word hy op goedgeмотiveerde wyse by 'n wye reeks historiese gebeure betrek. Verder verseker Buks se oog vir 'n mooi nooi dat daar in elke verhaal ook 'n romantiese element teenwoordig is, sodat dogters hulle ook in die verhale sal kan verlustig. In Buks en die goudsoekers gaan Buks saam met oom Smit-tie goud soek en word hulle kleim ook byna deur kolonel Ferreira se "kleimjumpers" geroof. In 1896 tydens die ontploffing van die dinamiettrein woon Buks by tant Louisa in Johannesburg. Saam met Buks beleef die leser in Buks en die dinamietramp die verwoesting en ver-slaentheid wat die ramp meegebring het. Waar die trein was, is net 'n reuse gat; waar huise en skerms was, is net hout en gebuigde sinkplate. Buks se kommer dat sy vriend Langfaan moontlik vir die ramp verantwoordelik was en sy pogings om agter die waarheid te kom, vorm die spanningslyn. In Buks en die rooi woestyn gaan kuier Buks by Oom Fred in Kimberley. Die leser kry 'n goeie beeld van die lewe op die diamantvelde nadat al die kleims deur groot maatskappye uitgekoop was en die gewone delwers hul geluk moes beproef deur die reeds ontginde gruishope weer deur te was op soek na diamante wat moontlik deurgeglim het. Die tog wat hulle na die Kalahari aanpak op soek na diamante en na die verlore

stad, is binne dié konteks goed gemotiveer. Die legende van die verlore stad in die Kalahari word op 'n besonder oortuigende wyse verklaar. Dit is naamlik natuurlike rotsformasies wat in die maanlig soos antieke klipstapels en suile lyk.

In Buks en die runderpés word Buks deur Oom Smittie na 'n plaas aan die Betsjoeanalandgrens gestuur. So word Buks gekonfronteer met die werklikhede van runderpes, BaThlaping-opstande en geweersmokkelary. Soos al die ander Buksverhale vorm ook dié verhaal 'n afgeronde eenheid. Buks bly 'n karakter wat oortuig en waarmee die leser hom kan identifiseer.

Daarenteen is die karakters van Siegfried Stander in The journeys of Josephine en Toek Blignaut in Die Swerfkinders naïef en onoortuigend. Joseph in die eergenoemde verhaal koop 'n gesoute kleim en word uiteindelik die delwers se tandarts. Die swerfkinders Rool en Annalie vind op Barberton die geluk waarna hulle seek - nie in goud nie, maar wel 'n ma. Die Swerfkinders is as verhaal meer geslaagd aangesien tipiese gebeure uit dié tyd, byvoorbeeld struikrowery, kundig met die verhaallyn geïntegreer word.

Alhoewel The Glory and the gold deur Isobel Stewart en Kringe in 'n bos deur Dalene Matthee meer gerig is op 'n volwasse leserspubliek is dit nogtans nodig om hierdie twee verhale te bespreek, aangesien daar geen ander verhale beskikbaar is wat afspeel teen die agtergrond van die feitlik onbekende gouddelwerye in die Knysnabosse nie. In The glory and the gold word die mynbedrywighede in die meulbos (millwood) vanuit die oogpunt van die delwers geskets, terwyl Dalene Matthee op meesterlike wyse verhaal hoe die bos, sy mense en sy diere vernietig word deur die mens se smagting na rykdom. Oupoot, die olifant, lei eers sy mens-

broer op 'n laaste kring deur die bos, sodat Saul Barnard die waarheid, homself en berusting kan vind.

In My leaves are green deur E.M. Slatter gaan soek die negentienjarige identiese tweeling, David en Paul Grenville ook hulle heil op die diamantvelde. As David op 'n veldtog teen die Zoeloes sneuwel, neem Paul sy identiteit aan sodat hy met David se verloofde kan trou. Dit is 'n interessante avontuurverhaal.

Valley of the brutes deur Alan Forrest is die ware, maar gedramatiseerde verhaal van Nonnie Vivian wat as jong meisie saam met haar vader na Pelgrimsrust gekom het en 'n fortuin uit haar kleim en ander beleggings gemaak het. Die verhaal gee 'n baie goeie beeld van die lewe op die delwerye. Dit word versterk deur die insluiting van 'n aantal outentieke foto's.

Die lewe op die delwerye bied besonder aantreklike verhaalstof vir ligte ontspanningsverhale soos blyk uit die groot aantal verhale wat in die kategorie beskikbaar is. In feitlik al die verhale word die toestande op die delwerye besonder realisties geskets en word die atmosfeer van die tyd aan die leser oorge- dra. Verhale in die kategorie is die volgende: Die ver pad na geluk, Spoelgoud en Swerwers op die goudpad deur Annelize Morgan; Die goue droom deur Elmar Steyn; Die poskoetsrower deur Mikro; Kimberley se koets en Die ontsterflike eva deur T.C. Pienaar; Goud sonder glorie deur C.F. Beyers-Bosshoff; Op- waarts na die hoogte deur Rein Pretorius en Eldorado deur Marie van de Merwe.

Vryheidsoorloë en Rebellie

Die toestroming van delwers het die Transvaalse rege-

ring wat gestruktureer was om 'n landelike gemeenskap te regeer, onkant betrap. Die toenemende ontevredenheid van die delwers is aangegryp en uitgebuit deur Britse imperialiste wat met begerige oë na die mineraalryke Transvaal gekyk het. Onder voorwendsel dat hy in belang van die meerderheid Transvalers optree, het Shepstone in April 1877 die Transvaal namens Brittanje geannekseer. Die daaropvolgende gebeure bied interessante verhaalstof. Die Boere het in vorige konfrontasies met die Engelse meestal defensief gereageer deur weg te trek, byvoorbeeld die Groot Trek en die ontrekking uit Natal. In Desember 1880 het hulle egter besluit om hul man teen die Britse Ryk te staan en hulle het dit op meesterlike wyse gedoen. In die veldslae van Bronkhorstspuit, Laingsnek, Skuinshoogte en Majuba is die Engelse oortuigend verslaan en voor die einde van 1881 het die vierkleur weer oor Transvaal gewapper.

In dieselfde mate wat die Eerste Vryheidsoorlog in die geskiedskrywing deur die bloediger en omvangryker Anglo-Boere-Oorlog oorheers word, word dit ook in die verhaalskat ondergeskik gestel.

In Berg van die bosduiwe bring John Coetzee die konflik wat daar in die Transvaal na die anneksasie ontstaan het tot binne in die hoofkarakter, Konrad, se huislike lewe. Sy ma steun die anneksasie omdat geld en sosiale geleenthede weer volop is; sy pa voel dat die Transvalers vir hulle vryheid moet veg. Die innerlike spanning wat dit ook in Konrad teweegbring, word verwoord in Sara se waarskuwing aan Konrad dat 'n mens nie aan twee kante kan wees nie en dat hy moet kies. Maar om te kies is nie so maklik nie, want hy hou van Becky al steun haar oom die Engelse en hy vind dat die Britse soldaat ook huis toe verlang na 'n seun so oud soos hy self. Hierdie konflik in hom word verder verhoog by Bronkhorstspuit, want nou worstel hy met 'n nuwe probleem. Is dit goeie krygstaktiek of

koelbloedige moord om 'n klomp swak gewapende soldate uit te wis? (p.46). By die slag van Majuba waar die "verraaier" Oom Dawid sy lewe red, aanvaar hy uiteinde-lik dat elke saak twee kante het en dat dit soms makliker is om dinge te aanvaar as om dit te verstaan. Die skrywer slaag daarin om sy hoofkarakter op 'n oortuigende wyse by 'n reeks gebeure te betrek. Deur middel van Konrad se innerlike stryd verkry die verhaal 'n unieke objektiwiteit. Geskiedenisfeite word onopvallend by die verhaal betrek. Deur middel van identifikasie met die hoofkarakter wat vanweë die oortuigende karakterbeelding spontaan plaasvind, kry die leser werklik 'n begrip van die gebeure rondom die Eerste Vryheidsoorlog.

Vaalpense en Rooibaadjies deur Frans Conradie speel ook af gedurende die Eerste Vryheidsoorlog, maar in teenstelling met Berg van die bosduiwe, is die geskiedenisfeite in hierdie verhaal belangriker as die karaters en hulle persoonlike belewing.

In hierdie verhaal word ook nie dieselfde mate van objektiwiteit bereik nie, alhoewel die moontlikheid daarvoor bestaan deurdad die Hollandse magistraat se dogter, Marie de Veer, liefdesverhoudings met 'n Boer sowel as 'n Engelse soldaat het.

In Vrag vir Vryheid in die bundel Racheltjie de Beer vertel P.W. Grobbelaar hoe Johanna Joubert en haar jong seun op die vooraand van die oorlog met 'n wawrag gewere na die Vrystaat gevlug het. Dit bly slegs 'n vertelling sonder meelewing.

Nadat die Transvaal weer sy onafhanklikheid verower het, het die probleme wat indirek tot die anneksasie aanleiding gegee het, bly voortbestaan. Die regering

was nog steeds nie in staat om 'n kosmopolitiese samelewing te hanteer nie en die Britse imperialistiese belangstelling in Transvaal het nie verminder nie. Die gemak waarmee Shepstone in 1877 die anneksasie deurgevoer het, het waarskynlik as inspirasie vir die Jamesoninval in 1896 gedien.

Teen die agtergrond van die Jamesoninval wat misluk het toe Jameson by Kroonkop moes oorgee, bou John Coetzee in Buks en die stropersbende 'n spannende verhaal. Buks se oom, Smittie, word daarvan verdink dat hy met die vyand heul en hulle van wapens voorsien. Buks bly in sy oom glo, al is die getuienis teen hom ook verdoemend. Buks word 'n man wanneer hy die waarheid in die oë staar en sy oom se optrede kan verstaan sonder om te oordeel. Mekatersnek deur Johann Bekker is 'n ligte romantiese spanningsverhaal met die Jamesoninval as agtergrond.

Met Waterbobbejaan : 'n legende uit die Bosveld van Marico het Ben Venter 'n boeiende verhaal rondom die legende van dié mens-dier geskep. Die verhaal speel in 1898 af, maar geen spesifieke geskiedkundige gebeure word betrek nie. Die verhaal is egter van kultuur-historiese belang, omdat die denk- en leefpatroon van die Afrikaner teen die einde van die 19de eeu goed verbeeld word. Ben Venter het in 1969 die Scheepersprys vir jeuglektuur vir hierdie verhaal ontvang.

In 'n verhalende biografie oor James Steven-Hamilton deur David Tattersall val die klem op die natuurhistoriese. Skukuza: die verhaal van James Stevenson-Hamilton en die Krugerwildtuin gee 'n goeie beeld hoe die natuurlewe deur die ontdekking van goud en die vryheidsoorloë beïnvloed is.

'n Skrale vier jaar na die Jamesoninval is die Transvalers en Vrystaters met die werklikheid van 'n volskaalse, genadelose oorlog gekonfronteer. Die mislukking van die Jamesoninval, asook die gemak waarmee die Engelse in 1881 verslaan is en die suksesse van die "Swartweek" het die Boeremagte met oormoed vervul.

Nadat oorlog op 11 Oktober 1899 verklaar is, het menige jong seuns by die kommando's aangesluit, enersyds uit pligsbesef, maar andersyds omdat hulle dit as 'n uitdagende avontuur gesien het. Denys Reitz, seun van president F.W. Reitz was maar sewentien jaar oud toe hy as vrywilliger aangesluit het en veldkornet Röhms het 'n penkopkommando onder hom gehad waarvan nie een lid ouer as agtien jaar was nie. Soos die oorlog gevorder het, het die seuns wat op kommando gegaan het, al hoe jonger geword. In die krygsgevangenekampe was seuns van nege jaar oud (Preller, 1943). Sommige het slegs uit avontuurlus aangesluit, vir andere was dit 'n keuse tussen die kommando of die konsentrasiekamp. Dat die oorlog ruim geleentheid gebied het vir avontuurverhale gebou op onverskrokke heldedade wat soms uit nood en soms in jeugdige voortvarendheid begaan is, blyk uit talle ware verhale wat na die oorlog geboekstaaf is. Die wyse waarop generaal De Wet vir bykans drie jaar uit die Engelse se hande gebly het - hy is selfs oor die Magaliesberge waar vroeër net bobbejane kon oor (Olivier, 1971, p.60) - en die gevoelige verliese wat sy guerillas die Britse magte toegedien het, bied uitstekende verhaalstof vir spannende avontuurverhale. Die moontlikhede vir heroïese avontuurverhale is verder vergroot deur die feit dat ongeveer 13,000 Kaapse en Natalse rebelle by die Boeremagte aangesluit het, en by gevangenneming ter dood veroordeel is. Die ander syfers (soos verskaf deur Pakenham, 1981, p.595-596) wat oor die oorlog beskikbaar is, ver-

tel egter 'n ander verhaal van dood, ontbering, vernedering en verraad. Twee-en-twintigduisend Engelse soldate het gesterf; seweduisend Boere het op die slagveld gesterf en tussen agtien- en agt-en-twintigduisend mans, vroue en kinders het in die konsentrasiekampe gesterf, terwyl ongeveer twaalfduisend Swartmense die lewe gelaat het (Warwick, 1983, p.1,4). Die oorlogstydperk leen hom dus tot meer as heroïese avontuurverhale waarin die kind-man se reaksie op die dood, verwoesting en fisieke ontbering verwoord word. Hoe het so 'n jongmens byvoorbeeld die wreedheid van Elands-laagte waar vluggende Boere met lanse afgemaai is, beleef en verwerk?

Die oorlog het ook 'n veel wyer trefgebied gehad as fisiese kontak op die oorlogsfront, want dit was ook 'n oorlog teen die vroue en die kinders. As gevolg van Kitchener se "verskroeiende-aarde-beleid" is plaashuise afgebrand, kos vernietig, vee vermink en gedood en vroue en kinders in konsentrasiekampe geplaas. Sommige het daarin geslaag om betyds te ontsnap en het in vrouelaers rondgetrek of in grotte of beskutte klowe geskuil en so lank as moontlik van die veld af probeer leef. Hierdie stryd om oorlewing kan in verhale met 'n avontuurlike of realistiese benadering beslag kry. Dat heldedade nie tot die oorlogsfront beperk was nie, blyk uit die bekende verhaal van Japie Greyling. Die onmenslike lyding wat dié wat na die konsentrasiekampe gestuur is moes deurgaen, spreek die duidelikste uit die groot getal wat gesterf het. Emily Hobhouse het na aanleiding van die sterftesyfer gesê: "almal praat van die dood - wie gister dood is, wie vandag op sterwelê, wie môre sal heengaan." (Pakenham, 1981, p.529). Hulle ontberinge, maar veral die karaktereienskappe van dié wat oorleef en geestelik héél anderkant uitgekom het, behoort vrugbare verhaalstof te wees. 'n Ander sy van die oorlog wat jeugverhaalskrywers kan inspi-

reer tot iets meer as die gewone oorlogsverhaal, is die feit dat daar teen die einde van die oorlog reeds ongeveer vyfduisend Boere ("Joiners" of Hanskakies) aan Britse kant geveg het. Die dryfvere agter hierdie optrede kan met groot vrug in jeugverhale ontgin word.

Die meeste jeugverhaalskrywers verkies egter skynbaar om hulle by die avontuurlike heroïese verhale te bepaal, te oordeel aan die groot aantal verhale wat in die kategorie beskikbaar is. Feitlik al die verhale is geskoei op die lees van die De Wet-sage: onverskrokke vegters, verkenners en rebelle wat op heldhaftige en vernuftige wyse die Engelse uitoorlê. Die resultaat is spannende avontuurverhale wat enduit boei, maar wat tog nie daarin slaag om die leed en ontbering van die oorlog aan die leser oor te dra nie. Die meeste van hierdie verhale is dan ook besonder eensydig met betrekking tot die hantering van die verhaalstof. Die Boerevegters word as onkreukbare helde uitgebeeld, terwyl die Hanskakies swakkellinge of inherent slegte mense is. Voorbeelde uit hierdie kategorie is onder andere Mikro se oorlogreekse: Die Kleingeldkommando, Burgers van die Kleingeldkommando, Generaal Kleingeld, Ruiter in die Nag, Kaptein Gereke, Die Bont takbok, Die Bont takbok verken, Die Bont takbok word bittereinder, asook Vlam en Die jongste ruiter; Die Dasvelmasker deur R.J. Immink; Kruitdamp deur Johann Bekker; Die eerste verkenner en Die Boerespioen as Deel 1 en Deel 2 van die reeks Verkenners van Danie Theron, Vegter vir vryheid, So vêr na Mooigelegen, Die Stellalander en Tuin van herinnering deur H.S. van Blerk; Die Rebel deur Karel Kielblock. Eerste luitenant en Eerste luitenant, onoorwonne deur Dorothea Möller-Malan; Opdrag vir 'n ruiter deur Rein Pretorius, Werda en

Die laaste veldslag deur Franz Conradie; Die Kavaliers, Die kanonne, Die kartetse en Die kolonel : 'n verhaal van die kavaliers deur Pierre J Fourie. L. Penning bereik met sy Wesselsreeks (Leeu van Modderspruit, Verkenner van Christiaan de Wet, Held van Spioenkop, Oorwinnaar van Nooitgedacht en Kolonis van Suidwes-Afrika) 'n groter mate van objektiwiteit en realiteit omdat hy as Nederlander hom meer gereedelik van die emosioneel-belaaide gebeure kon distansieer. Malgas : oorlogspersd deur Ben Venter het wel al die gebreke wat in bogenoemde verhale geïdentifiseer is, maar dit ontbreek ook aan die goeie eienskappe van genoemde verhale, naamlik 'n stewige verhaalstruktuur. Die feit dat die perspektief voortdurend verskuif van Malgas, na Johan (8-11 jaar), na sy pa, bemoeilik identifikasie met enige van die karakters en boet in aan leesbaarheid. Die wreedhede van die oorlog word nie op 'n gemotiveerde wyse aangebied nie.

Die lewe in die dorpe en stede gedurende die oorlog word slegs deur enkele skrywers uitgebeeld. Nie een van hierdie verhale kan werklik as 'n jeugverhaal bestempel word nie aangesien die sentrale karakters hoofsaaklik volwassenes is. Wim Hartman skets in Hou terug die daeraad en Die huistoe-gaan-was-daar wat ook onder die oorkoepelende titel Bande van bloed uitgegee is, die lewe in Pretoria en Johannesburg. Ook Dorothea Möller-Malan se verhale Eerste luitenant en Eerste luitenant, onoorwonne speel gedeeltelik in Pretoria en Johannesburg af. In 'n styl en taalgebruik wat te moeilik vir die Afrikaanssprekende jeugdige is, verhaal C. Louis Leipoldt die wedervaringe van 'n gemeenskap in die Sederberge. Objektiwiteit word verkry omdat die gemeenskap vasgevang is in hul verdeelde lojaliteit tussen Boer en Brit.

Kniel Krygsman van At van Wyk handel hoofsaaklik oor generaal De Wet se wedervaringe maar die jongmense en kinders in sy kommando se leed en ervarings word ook sinvol betrek.

Mispa van Meulwerf en Drome in die stof deur Marie van de Merwe is twee leesbare ligte romantiese verhale sonder enige werklike historiese betekenis.

Alhoewel al die verhale met 'n avontuurlike, heroïese benadering in 'n mindere of meerdere mate na die toestand in die konsentrasiekampe verwys, is daar min verhale beskikbaar wat grotendeels in die konsentrasiekampe afspeel. In Nooientjie van Nooitgedacht skets Empie Maritz dié ervaring soos beleef deur die dertienjarige Maria Potgieter op so 'n wyse dat die leser haar werklik kan identifiseer met die ontberinge in die konsentrasiekampe. Die leser kom ook onder die indruk van die geweldige verantwoordelikheid wat daar gedurende die oorlog op die skouers van jong kinders gerus het. Die vertelstyl is net soms 'n bietjie melodramaties. Die jongste spioen deur Nan Lubbe is 'n onbetrokke vertelling van haar wedervaringe as jong meisie in 'n konsentrasiekamp. Daar is geen spanningslyn nie en die karakters, insluitende die hoofkarakter, is slegs vae figure. Ook Sita slaag in Wekroep nie heeltemal daarin om die realiteit van die kampe aan die leser oor te dra nie. Die karakters word in die verhaal net so stokkerig as in die illustrasies uitgebeeld. Wekroep is 'n verwerking van Uit die Puine wat in 1952 verskyn het.

In Heldin uit die vreemde verhaal Rykie van Reenen op boeiende wyse episodes uit Emily Hobhouse se lewe as volwassene. As deel van haar lewensverhaal ontvou

ook die haglike toestande in die konsentrasiekampe. Die styl is vloeiend en gerig op die elf- tot twaalfjarige leser. Rykie van Reenen het in 1971 die Scheepersprys vir hierdie verhalende biografie ontvang.

Daar is wel 'n aantal uitstekende jeugverhale oor die oorlog beskikbaar. In Tussen twee vlae deur Dan Sleigh sluit die Kapenaar Gert Verwey by die Britse leër aan omdat hy maar altyd soldaat wou word, maar die oorlog bring spoedig vir hom ontnugtering. Die spanningslyn is gebou op die persoonlike vete tussen Verwey en Jack Spear. Nadat Jack se vriend doodgeskiet is, sweer hy wraak op al wat Boer is. Gert wat meen dat Jack abnormaal is, raai sy ouers af om hul goedkeuring te gee aan 'n verhouding tussen Jack en sy suster. Daardeur word die laaste stut uit Jack se lewe verwyder en sweer hy wraak op Verwey. Verwey loop oor na die Boeremagte omdat hy vir sy lewe vrees. Dit is die begin van sy omswerwinge tussen die twee magte soos wat dit sy persoonlike belange op 'n gegewe tydstep die beste pas. Aan die einde van die oorlog word hy deur albei kante as 'n held beskou. Tog is niemand eintlik held of verraaier in hierdie verhaal nie en word die essensie van die verhaal, die nuttelosheid van oorlog, treffend saamgevat in Verwey se slotgedagtes: "Die Boere het verloor. Die Engelse het ook verloor... Soldate sterf nie, lui die spreekwoord, hulle kwyn net weg... Twak, dink Verwey. Soldate sterf; hulle is mense" (p.146). Hierdie verhaal verbeeld oorlog nie as 'n romantiese avontuur nie, maar belig hoe 'n mens tegelyk held en verraaier kan wees, want basies bly jy maar net 'n mens. Die ironie van die verhaal lê daarin opgesluit dat Spear wat werklik heldhaftig geveg het, alles verloor, terwyl Verwey wat nooit bo eie belang kon uitstyg nie, as held vereer word.

Die onheroïese van die oorlog word met 'n fyn stukkie humor getemper. 'n Seun word met behulp van Verwey as tolk ondervra. Toe Kitchener wil weet of De Wet al 'n generaal is, antwoord die seun: " 'Ja oom, Oom Naas Ferreira was eers ons Vrystaters se generaal, maar toe skop Oom Naas een aand 'n skildwag wat lê en slaap en daar skiet die skildwag hom dood. Nou is Oom Krisjan ons generaal' Dit vertaal Verwey nie." (p.64).

Seun agter 'n mauser deur Earl Martin is die verhaal van Klein Ben Swanepoel wat met sy hond, Pierie, na sy pa op soek is. Hy is oortuig daarvan dat sy pa nie gaan veg het nie, want dis nie hulle oorlog nie. Hulle woon in Betsjoeanaland. " 'Oorlog is iets verskrikliks', het sy pa gesê: 'Bly daaruit as jy kan. Oorlog is geen speletjies nie' " (p.55). By Mafeking waar die Boere die Britte beleër, is hy vir albei kante 'n verdagte. Hy is so besig met sy eie persoonlike stryd - om sy pa te vind, dat hy hom nie veel aan hulle steur nie. Totdat hy hom vasloop in 'n Fingo met 'n hoed wat net soos sy pa s'n lyk. Op 'n vraag waar hy die hoed kry, is die antwoord: "Voor laasweek is hy by 'n Boer gevat. Sy patrone het opgeraak... Toe word hy hys toe gebring... Hys toe met 'n bajonet..." (p.65). Maar dit is eers baie later nadat hy self agter 'n mauser gestaan het en 'n mens doodgeskiet het, dat die volle waarheid van die Fingo se woorde hom tref. Hy vind dus sy pa sonder om hom werklik te vind. Dit is 'n aangrypende meesleurende verhaal. Dit is veral die soberheid van styl - juis dit wat nie gesê word nie - wat tref.

Die kinders en die veldkornet deur Pieter W. Grobbelaar is gebaseer op werklike historiese gebeure. 'n Groep van ongeveer vyf-en-twintig seuns, nie een ouer

as agtien nie, is saamgevoeg in 'n Penkopkommando onder veldkornet E.F. Röhm. Bekend as die "Kinders" moes hulle in opdrag van generaal De Wet vroue en kinders op die afgeleë plase teen die vyand en rowerbendes beskerm. Grobbelaar gebruik Rooi-Flip Snyman, die aanvaarde leier van die groep penkoppe, as hoofkarakter. Die verhaal is egter veel meer as 'n voortdurende oorlewingsstryd, gebaseer op vernuf, jeugdige voortvarendheid en 'n goeie skoot geluk.

"Dit is 'n aangrypende oorlogsverhaal wat nog meer boeiend is, omdat Rooi-Flip se dilemma universeel is : hoe moet, hoe kán ek iemand wat my kwaad aandoen, liefhê soos myself, soos die Bybel dit wil hê?" (Oosterlig, 11 November 1976). Rooi-Flip het lief, en hy haat, en die haat is erger as die liefde (p.10), want sy beste vriend sterf in sy arms en sy meisie in die konsentrasiekamp, nadat haar familie deur 'n Kakieboer aan die vyand uitgelewer is. Tog kan hy hom by twee geleenthede nie so vër bring om ongewapende of niksvermoedende Engelse dood te skiet nie, want "hy haat nie genoeg vir so 'n koelbloedige moord nie" (p.17). In 'n relatief kort tydsbestek word Rooi-Flip se stryd met geloof en gewete oortuigend en bevredigend volvoer. Rooi-Flip haat tot die dag dat hy en Blink-Dawid, die Kakieboer, mekaar fisies konfronteer en hy besef: "dat hy die Here probeer wees. Hy het Blink-Dawid verhoor en skuldig bevind en nou wil hy ook nog die vonnis voltrek" (p.79). "Sy insig word verdiep en sy oordeel verander. So word sy onverwagte dood aangrypend, ook omdat dit sonder enige sentiment beskryf word." (Hoofstad, 28 Januarie 1977).

Die verhaal ontbreek aan 'n sterk verhaallyn, juis omdat Rooi-Flip sy insig te vroeg in die verhaal verkry. Maar die strak, tog beeldende styl vergoed ruim daar-

voor. "Die skrywer slaag daarin om slegs deur enkele woorde en sinne spanning te skep, byvoorbeeld "Rooi-Flip kyk na die trein, en hy kyk na die plek waar hulle die lading gestel het. Trein en plek... trein en plek... Die afstand krimp al kleiner totdat die twee mekaar kruis. Meteens weerlig die aarde en ruk 'n wolk stadig omhoog" (p.51) (Klasgids 11.4, Februarie 1977). Keer op keer maak Grobbelaar van daardie een onvervangbare woord of sin gebruik om 'n onuitwisbare beeld by die leser op te roep, byvoorbeeld "Een druk op die sneller, en hy slinger die dood in hom in" (p.16). Resensente laat hulle deurgaans gunstig uit oor hierdie jeugverhaal. Hul menings kan ten beste saamgevat word deur die volgende aanhaling uit Hoofstad, 28 Januarie 1977:

"Die skrywer se liefde en kennis van die volkseie is deurgaans in die verhaal herkenbaar, maar hy slaag daarin om dit nooit chauvinisme te laat word nie. 'n Soberheid te midde van betrokkenheid, maak daarvan 'n verantwoordelike boekstaving van menslike ervaring wat toevallig 'n Suid-Afrikaanse agtergrond het."

In 'n Swakheid van vlees in die bundel Poorters vertel Pieter W. Grobbelaar op humoristiese wyse van oom Schalkie wie se nood hom gedwing het om 'n Hensopper te word. Die verhaaltjie is 'n welkome toevoeging tot die skat van oorlogsverhale vanweë die menslikheid wat daaruit spreek.

Ysterklip deur H.J. Vermaas handel hoofsaaklik oor die slag van Magersfontein waar die vyftienjarige Willie hom agter 'n ysterklip verskans het. Die klip skerm negentien skote van hom af weg, maar dan word hy noodlottig getref deur 'n bomskerf. Die leser leer ook Willie se huismense ken omdat sy gedagtes voortdurend

terugflits terwyl hy daar lê en wag. Dit is 'n unieke verhaal met besondere woord- en beeldgebruik. Die skrywer sê nooit dat Willie eintlik nog 'n kind is wat die plek van 'n man moet volstaan nie, maar dit blyk duidelik uit die toneel waar hy sy patrone soos soldate op die klip voor hom laat masjeer. Ook Die laaste skans deur Ben Olivier speel af teen die agtergrond van die veldslae by Magersfontein, Modderfontein en Paardeberg. Wanneer hulle die laaste skans by Paardeberg moet prysgee, besef Frans dat die laaste skans in 'n mens se hart is, waar die vyand dit nooit kan inneem nie, tensy jy dit vrywillig prysgee.

In Moeder Poulin deur G.H. Franz maak die leser by monde van MmaPoulin, 'n ou Basoetoevrou, met Diel en Magrieta kennis. Die Anglo-Boere-Oorlog soos dit deur die Basoetoes in die stat van Kala beleef is, word in tipiese Basoetoe-idioom geskets. Aanvanklik lees dit moeilik, maar later word die leser so vasgevang deur MmaPoulin se beeldryke uitdrukkingswyse dat die verhaal aangryp en tot aan die einde boei. Dit is 'n uitsonderlike verhaal omdat dit ook die kant van die duisende pro-Boere Swartmense in die oorlog belig. Die insidente wat spreek van smart, haat en verbittering, byvoorbeeld waar Pieta deur Diel en Jannie gehang word, word vreemd onbetrokke weergegee, maar juis daarom spreek dit soveel dringender tot die leser.

Die oes aan kinderoorlogsverhale is egter maar skraal. Jenny Seed het daarin geslaag om tot 'n mate in hierdie leemte te voorsien deur The Red dust soldiers. Hierword die beleg van Ladysmith treffend beleef deur die oë van die agtjarige Robert. Aanvanklik is hy saam met sy moeder in die neutrale kamp. Dan loop hy weg na Ladysmith om sy pa die nuus dat 'n nuwe sussie gebore is, mee te deel. Hy word deur die Boere gevang, maar

hulle neem hom na Ladysmith. Die gehawende toestand in die dorp word besonder goed geskets deurdat Robert dit vergelyk met hoe hy dit nog onthou het. Die mense is vuil en verslons, selfs sy eie vader wat voorheen so gesteld op sy voorkoms was.

Dit is 'n besonder objektiewe verhaaltjie. Die illustrasies deur Andrew Sier dra beslis by tot die geslaagdheid van die verhaal, nie alleen om die gebeure te visualiseer nie, maar ook om die atmosfeer van swaarkry en ontgogeling oor te dra. Pieter W. Grobbelaar se weergawe van Japie Greyling se heldedaad in 'n verhaaltjie met dieselfde titel, bly egter 'n onbetrokke vertelling.

In 'n Man genaamd Mot gee P.W. Grobbelaar die leser ook 'n humoristiese kykie in die krygsgevangenekamp op Ceylon waar Mot Smit die vyand met al sy poetse geterroriseer het. In This Africa : more true stories from this Africa vertel Michael McNeile hoe Denys Reitz uit respek vir die Britse generaal Penn Symons sy begrafnis bygewoon het.

Een verhaal vir volwassenes wat die werklikhede van die oorlog sonder verdoeseling of pretensie aan die leser voorhou, is Rang in der Staten rij deur Dot Serfontein. Die rou eerlikheid daarin gryp aan, sodat 'n mens saam met Frank Ingram, die hoofkarakter, moet wonder "... was ons dan maar net 'n volk van verraaiers?" En tog dra die verhaal 'n onmiskenbare boodskap van weeropstanding as 'n mens maar net bereid is om die tweede myl, in Bybelse terme, vrywillig saam te loop.

Na die oorlog het die oorlewendes na hulle verwoeste plase teruggekeer en het die langsame proses van herop-

bou begin. Die armoede en verbittering onder die Afrikaners vind weerklank in Die Buurt deur Sita. Lida Verster moet velskoene dra omdat daar nie geld vir fyn damesskoene is nie. Die velskoene word vir haar simbool van alles wat lelik en haatlik is. Nadat sy die velskoene verbrand het, begin die geleidelike proses van aanvaarding. Sy maak vriende met die Engelse onderwyseres, "Miss Black" en uiteindelik dwing omstandighede ook haar ouers tot 'n versoening met Jiems, die Hensopper.

Die atmosfeer van die tyd word treffend vasgevang. Die Versters se eie klere is verslete, maar hulle is te trots om klere uit die armsak te neem, want dit is net vir die Bywoners bedoel. In die skool word 'n skeldbordjie om dié wat Afrikaans praat se nekke gehang. Die karakters is mense met wie se pyn en klein vreugdes daar geïdentifiseer kan word.

Renier sny spoor deur Earl Martin is 'n avontuurverhaal waarin die aflegging van die bitterheid deur 'n verraaier behoorlik te begrawe, aangebied word teen die agtergrond van veediefstalle en struikrowery. In Skat van Lobengula deur Earl Martin veroorsaak die onnutsige Bos-broers byna 'n opstand toe hulle Mafeking se kanon steel om olifante mee te gaan jag en die boere wat hulle met die kanon sien trek by die "opstand" wil aansluit.

Skaars twaalf jaar na die beëindiging van die vernietigende Driejarige-oorlog sou sommige Afrikaners weer na die wapen gryp, hierdie keer uit verset teen mede-Afrikaners se besluit om Brittanje in die Eerste Wêreldoorlog te steun deur 'n aktiewe inval in Duits-Wes-Afrika. Die Rebelle van 1914 was 'n ramspoedige mislukking wat gelei het tot ongekende broederhaat, veral na die

teregstelling van Jopie Fourie. Soos die geval met oorlogsverhale, bied die Rebellietydperk ook moontlikhede vir heroïese avontuurverhale en realistiese verhale waarin die futiliteit van die Rebelleie vergestalt word.

Merzuk : Rebellieperd is 'n minder geslaagde poging deur Ben Venter om hierdie gebeure in 'n jeugverhaal te vergestalt. Te veel idees van die skrywer word van buite af op die verhaal afgedwing. Dit skaad die reeds yl verhaallyn. In Stryd by Verneukputs deur E. Martin moet die sestienjarige Koen van Jaarsveld die majoor gaan waarsku dat Siener van Rensburg gesien het hoe 'n groot man in die water wegsink. Hulle vertolk dit as 'n bedreiging vir die majoor of vir Maritz. Op pad daarheen meet Koen en Oom Giel eers kragte met die reusagtige beesdief, Rooibaard. Wanneer hy in die water van Verneukputs verdrink, besef Koen dat die gesig op hom betrekking moes hê.

Die futiliteit van die oorlog en die Rebelleie word in geen ander jeugverhaal so plasties verwoord soos in Die son struikel deur Dolf van Niekerk nie. Die stryd in die sestienjarige Diederik Versfeld oor die sin van die lewe en sy soeke na God word juis tasbaar deur sy doelbewuste ontkenning van die bestaan daarvan. Tussen flardes van die bewuste en onderbewuste ontvou sy verhaal: van sy broer Wynand met die verminkte gesig wat hy só, sonder oë, moes begrawe; sy pa met sy oopgeskeurde bors; sy kleinboetie Faan in die seepkissie; sy skreeuende, sterwende ma in die konsentrasiekamp en sy intuïtiewe skuldgevoel omdat hý bly leef het. Teen die einde word hy 'n simbool van 'n volk wat moes sterwe voordat dit nog klaar gebore was.

Ten slotte kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die besonder wye spektrum van verhaalsoontlikhede

wat die negentiende eeu bied baie goed deur jeugverhaalskrywers benut is. Oor elke tydperk, met die uitsondering van die Britse Besettingstydperk, is daar een of meer jeugverhale van uitstekende letterkundige gehalte beskikbaar. Met enkele uitsonderings is die korrektheid van die historiese agtergrond ook bo verdenking. Daar bestaan egter nog 'n groot leemte aan kinderverhale. In beide kinder- en jeugverhale konsentreer skrywers op die meer aanskoulike en sensasionele gebeure in die geskiedenis, derhalwe handel die grootste aantal verhale oor die Groot Trek en die Anglo-Boere-Oorlog. Alhoewel al die verhaaltipes benut word, oorheers die avontuurverhale en ligter romantiese verhale deurgaans. Die meeste verhale slaag daarin om of die historiese gebeure, of die gees van die tyd op so 'n wyse weer te gee, dat dit met groot vrug as aanvullende materiaal by die onderrig van Geskiedenis gebruik sal kan word.

GESKIEDENIS VAN DIE INHEEMSE VOLKE EN DIE SLAWE

Die geskiedenis van die Blanke in Suid-Afrika word teruggevoer na 1488. Dit is egter duidelik dat die Swartvolke, die Khoikhoi en die San reeds vanaf 'n veel vroeër tydstip hier woonagtig was. Toe die Portugese die suidpunt van Afrika in die vyftiende eeu omseil het, het hulle in aanraking gekom met Khoikhoi-stamme (Hottentotte), terwyl skipbreukelinge aan die Natalse kus Swartmense wat hulle opperhoofde as iNkosi aangespreek het, teëgekom het. Dit is dus duidelik dat daar Ngunistamme woonagtig was voordat Blanke kolonisasie begin het (Marks 1980, p.10). Argeologiese vondse te Mapungubwe, Babandyanalo, Silverleaves, Buispoort en ander plekke, gerugsteun deur koolstof-14-datering, bewys dat mense wat graan verbou, yster, goud, tin en koper gesmelt en verwerk het en met klip gebou het reeds so vroeg as die derde eeu (n.C.) in Suid-Afrika woonagtig was (Inskeep, 1978, p.13). 'n Primitiewe smeltoond wat op die Uitkomstterrein gevind is, se datum is met behulp van koolstof-14-toetse bepaal as ongeveer 1060 v.C. (Fagan, 1965, p.153).

Argeologiese vondse by die Nelsonbaaigrotte, Die Kelders en Bonteberg bewys dat pottebakkerie van 'n hoë gehalte reeds ongeveer tweeduisend jaar gelede in die Suid-Kaap beoefen is. Aangesien argeoloë die beoefening van kunspottebakkerie met veeboerdery assosieer (Inskeep, 1978, p.147), kan daar met redelike sekerheid aanvaar word dat dit die voorgeslagte van die Khoi-khoiveeboere was wat hierdie dele bewoon het. Die jagter-versamelaarkultuur van die Wiltonmense wat waarskynlik die voorouers van die San was, word teruggedateer tot 18000 jaar gelede by Melkhoutboom en soveel as 38000 jaar terug by Klasiesriviermond (Inskeep, 1978, p.64).

Dit is dus duidelik dat die inheemse volke van Suid-Afrika 'n geskiedenis het wat oor 'n periode van duisende jare strek. Indien hulle geskiedenis slegs as onderafdeling van die Blanke se geskiedenis bespreek word sou dit nie ten volle ontgin kon word nie. Daar is ook ander aspekte wat die geskiedenis van die inheemse volke in terme van historiese verhaalsoontlikhede as 'n selfstandige studie-onderwerp regverdig en selfs noodsaak.

Die Bantoesprekende volke bestaan uit vyf etniese groepe, naamlik die Nguni, Sotho, Venda, Tsonga-Shangaan en Herero-Ovambo. Elke groep bestaan weer uit 'n verskeidenheid volke met verskillende tale en kultuurvorms (Van Jaarsveld, 1971, p.56). Hierdie volke het feitlik onafhanklik van mekaar geleef en het elk sy eie geskiedenis. Derhalwe kan die geskiedenis van die Bantoesprekende volke nie as 'n geïntegreerde geheel aangebied word nie.

Die probleem met betrekking tot die geskiedenis van die inheemse volke word verder vergroot deurdat die mees ontwikkelde volke onder hulle nog steeds in die laat Steentydperk en vroeë Ystertydperk was toe hulle die eerste keer met Blankes in aanraking gekom het. Derhalwe het hulle nog geen vorm van skrif beoefen nie. In die afwesigheid van primêre skriftelike bronne sal die skrywer wat Swartgeskiedenis deur middel van historiese verhale wil herskep hom moet verlaat op mondelinge oorleweringe, prysliedere en genealogiese lysste. Laasgenoemde twee is natuurlik ook uit die aard van die saak mondelings van geslag tot geslag oorgedra. Weens die gebrek aan die beskikbaarheid van hierdie bronne in gedrukte vorm, sal die navorser wat die verhale met betrekking tot historiese korrektheid wil evalueer, of al die tale mag-

tig moet wees ten einde persoonlik kennis te maak met die mondelinge oorleweringe, of op groot skaal van medewerkers gebruik moet maak. Die groot verskillende opsigte van feite en interpretasie in die skriftelike primêre bronne, bewys dat 'n deeglike navorsing van die geskiedenis nodig is ten einde 'n betroubare raamwerk vir die beoordeling van historiese verhale daar te stel.

Die Khoikhoistamme met die uitsondering van die Namas en die Griekwas, wat bestaan het uit Khoikhoi, vrygestelde slawe en enkele Blanke uitgewekenes, het uitgesterf of is in die Kleurlinggemeenskap geassimileer. Daar is dus feitlik niemand meer oor om hulle mondelinge oorleweringe oor te dra nie. Die Geskiedenis van die Griekwas wat ontstaan het onder leiding van die vrygestelde slaaf Adam Kok en wat hulle eie Groot Trek in 1863 beleef het, skep minder probleme aangesien Afrikaans hulle omgangstaal was en nog steeds is.

Ook die geskiedenis van die San beklemtoon die belangrikheid van die historiese verhale met betrekking tot die inheemse volke as 'n selfstandige studie-onderwerp. Voordat die geskiedenis van die San bespreek en in terme van historiese korrektheid in kinder- en jeugverhale geëvalueer kan word, sal daar eers 'n teoretiese begronde standpuntinname gemaak moet word met betrekking tot die verband tussen natuur, kultuur en geskiedenis. Met ander woorde daar sal besin moet word of die San vanuit 'n kultuur-historiese of 'n natuur-historiese oogpunt benader moet word. Uit die aard van die saak is die studie-onderwerp oor die Blanke geskiedenis en die bruikbaarheid van die historiese verhaal in die onderrig van Geskiedenis reeds so omvangryk dat so 'n teoretiese begronding nie ook gehuisves kan word nie.

Verder sal daar ook deeglik besin moet word in hoe verre Blanke skrywers vanuit hulle Westerse kultuurperspektief werklik tot die wese van die inheemse volke se geskiedenis kan deurdring. Dit is dus duidelik dat indien hierdie onderwerp tot sy reg moet kom, dit as 'n selfstandige studie-objek benader moet word.

Ten einde nie die indruk te laat dat die geskiedenis van Suid-Afrika slegs die geskiedenis van die Blanke bevolkingsgroep is nie, sal daar in hierdie studie wel oorsigtelik verwys word na die beskikbare historiese verhale in die kategorie. Weens die beperkinge wat reeds uitgelig is, sal daar nie 'n volledige uiteensetting van die geskiedenis van elke groep gegee word voordat die verhale bespreek word nie. Daar sal ook nie gepoog word om die historiese korrektheid van die verhale te evalueer nie, aangesien die tyd, ruimte en meganismes om dit op 'n wetenskaplik-verantwoorde wyse te doen nie beskikbaar is nie.

Die San

In die meeste kinder- en jeugverhale word die Swartvolke die Khoikhoi en die San slegs gebruik as randfigure in die ontplooiing van die Blanke setlaars se geskiedenis. Teenoor die talle verhale waar die San as gewetenlose veeverminkers en moordenaars uitgebeeld word, is daar slegs enkeles wat die kontak tussen die Blanke setlaars en die San vanuit Sanoogpunt verantwoord.

In The new fire vertel Jenny Seed hoe Toma sy kleinsussie Tu red nadat sy deur Blanke Trekboere ontvoer is. Die veediefstalle deur die Boesmans word goed gemotiveer deur die oupa se verduideliking aan Toma.

Die wildtroppe is uitgeroei omdat die Wit en Swart jagter-veeboere meer doodmaak as wat hulle vir persoonlike gebruik nodig het. Die San word derhalwe ter wille van oorlewing gedwing om die Blankes se "wollerige" diere dood te maak.

Die verlore stryd wat die San teen die veeboersetlaars gestry het, word ook op oortuigende wyse deur John Coetzee in Mensies in die Dorsland en H.J. Vermaas in Sonskyn en intrekreën aangebied.

In Farewell the little people deur Victor Pohl en The Bushman speaks deur Mary Phillips, word lig gewerp op die San in die voorkontakperiode met die Blankes. In Farewell the little people beeld Pohl deur middel van die twee hoofkarakters Tsipele en Kasso die San se stryd om oorlewing, eers teen die Swartveeboere en daarna teen die Witveeboere uit. Die verhaal word oortuigend en meevoerend vanuit die San - milieu verwoord. Daarom is die perspektiefbreuk waar die gedagte aan Tokkie se veiligheid Kasso soos 'n elektriese skok tref (p.121) des te meer hinderlik.

Talle ander verhale oor meer resente San-groepe kan ook as historiese verhale bestempel word vanweë die feit dat die unieke kultuur van die San reeds feitlik totaal uitgesterf het. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die verhale van Jan J. van der Post wat betrekking het op die San-kultuur van ongeveer 1940 toe hy tussen hulle in die noord-oostelike Suidwes-Afrika woonagtig was: Agarob, kind van die duine, Gaub, vlugteling van die duine; Kwai, vegter van die duine, Tjeb, die spoorsnyer en Kwê, die verklikker. Die volgende verhale kan ook in hierdie kategorie geplaas word: Narni van die woestyn (oorspronklike titel: Narni of the desert) deur Gwen Westwood Thlamab die

Boesman en Tlhamab, die Boesmankind deur Louis Knobel. The Lion of the Kalahari (Skankwan van die duine) deur Sam en George Hobson; Sakkibiaan: die Kalahariseuntjie deur P.J. Schoeman en Tasal van die grasvlaktes deur A.A.J. van Niekerk.

Uit die enkele verhale beskikbaar is dit duidelik dat daar weining sprake is van 'n chronologiese geskiedenisverloop. Die belangrikste aspek wat in byna al die verhale uitgelig word, is die San se voortdurende stryd om in die ongerepte natuur, wat hy nie doeltreffend kon beheers nie, te oorleef.

Die Khoikhoi

Die Khoikhoi word in 'n veel gunstiger lig as randfiguur in Blanke geskiedenis uitgebeeld as wat dit die geval met die San of die Swartvolke is. In verhale soos Vryburger Tas deur Dan Sleight en Jan Rabie se Bolandiareeks (Eiland voor Afrika, Die groot andersmaak en Waar jy sterwe) word kontak tussen die Khoikhoi en die Blankes en die katastrofiese gevolge wat dit vir die Khoikhoi gehad het op objektiewe, maar tog aangrypende wyse uitgebeeld.

Die andersoortigheid, maar nie noodwendig minderwaarheid nie, van die Khoikhoikultuur word op 'n besonder geslaagde wyse deur Joan Salveson oorgedra in Journey to the Copper mountains. Dit is egter Hjalmar Thesen wat by uitstek daarin slaag om die Khoikhoi as mense voor te stel in The echoing cliffs en Castle of the giants.

The echoing cliffs is die verhaal van Liklik, die strandloper, wie se groep uitsterf as gevolg van 'n geheimsinnige siekte. Hy ontmoet die jong Kwiknee en sluit by haar stam aan. Uiteindelik word hulle deur

die San uit die Kaapse skiereiland verdryf. Thesen se besondere poëtiese styl laat die leser een word met die lief en leed van die Strandlopers in hulle voortdurende stryd om oorlewing. In Castle of the giants, wat heruitgegee is onder die titel Strangers from the sea, skets Thesen op meesterlike wyse die gewaardwordinge van Harib, 'n jong Outanqua Khoikhoi, by die eerste ontmoeting met die Blankes. Aanvanklik dink hy dat die reuse met hulle snaakse wit gesigte gode is, maar op die tog na die binneland besef hy baie gou dat hulle sterflik is en dat die "ware mense", die Khoikhoi, by verre hulle meerdere is. Die vriendskap wat tussen Eland en Harib ontwikkel laat die blywende indruk by die leser dat vriendskap en begrip oor kultuurgrense heen wel moontlik is.

Irma Vermeulen slaag, ten spyte van haar grondige kennis van die tydperk, nie in haar weergawe van die Khoikhoi se belewing van die kontak met Blankes nie. Hy het my Eva genoem is die verhaal van die Khoikhoi meisie, Krotoa, wat by die Van Riebeecks in diens getree het. Die Westerse perspektief bly deurslaan in die konstante naïewe uitbeelding van Krotoa (Eva) en die feit dat die Khoikhoi aan hulleself dink as Hottentotte. Laasgenoemde benaming is deur die Blanke setlaars aan hulle gegee, terwyl hulle na hulleself verwys het as Khoikhoi - "manne-onder-die-manne" (Giliomee en Elphick, 1982, p.5).

In Die ring om die maan vertel A.A.J. van Niekerk van Knirrie se liefde vir Knoebedaai. Wanneer die Witmense kom, neem hulle hom saam sodat hy hulle taal kan leer praat. Hulle verdoop hom tot Herry. Hy stem in om saam te gaan omdat hy graag 'n koperarmring wil hê om sy liefde aan Knoebedaai mee te verklaar. By sy terugkoms trou sy egter met iemand anders. Toe hy die armring in die water gooi, reflekteer dit om die maan

en word dit simbool van sy verlore liefde. Die feit dat Herry se Khoikhoinaam in die verhaal Knirrie is, is hinderlik, aangesien dit bekend is dat sy naam Autshumao was.

Vier ander verhaaltjies in die bundel Die ring om die maan berus op San en Khoikhoilegendes. In 'n voorwoord in die bundel sê Elsabe Steenberg met betrekking tot die styl: "Dit word in so 'n kraaklekker taal gedoen, dat die lesertjie self luisteraar sal word wat oopmond dinge aanhoor wat hom onberekenbaar sal ver-ryk". Die illustrasies dra by tot die kultuur-historiese waarde van die verhale.

In die verhalende biografie oor Robert Moffat se sendingwerk in Suid-Afrika, Die groot fontein deur Gabrielle Malan is daar verwysing na die Namageskiedenis tydens die bewind van die berugte Jaeger Afrikaner. Die Khoikhoi word in dié werk deurgaans vanuit die Westerse-sendelingoogpunt beoordeel.

Die geskiedenis van die Griekwas is wel in 'n groot aantal geskrewe primêre bronne opgeteken, maar het geensins in kinder- of jeugverhale beslag gekry nie. Dit bewys hoe groot die leemte met betrekking tot die Khoikhoi-geskiedenis in die geheel is. Aangesien die Griekwageskiedenis wel deel uitmaak van die Geskiedenisillabus as onderafdeling van die diamantveldkwessie, word hierdie leemte nog sterker gevoel en behoort kinder- en jeugverhaalskrywers hulleself te vergewis van hierdie tendens en die uitdagings wat hierdie volk se geskiedenis bied, te benut.

Die Swartvolke

Soos reeds gesê, kan die Swartvolke (of Bantoesprekers) in vyf hoof etniese groepe en ten minste vyftien sub-

groepe, elk met sy eie geskiedenis, verdeel word. Sedert die vestiging van die sendelinge tussen die Swartvolke teen die einde van die agtiende eeu, is heelwat meer oor hulle geskiedenis bekend aangesien dit neerslag in die privaat geskrifte van die sendelinge, ontdekkingsreisigers en in die verhale van skipbreukelinge gevind het. Voor hierdie era berus die kennis met betrekking tot Swartgeskiedenis nog op verskillende vorms van mondelinge oorlewing.

Die teenstrydighede in die verhale wat oor Shaka beskikbaar is, bevestig die leemte wat daar in Swartgeskiedskrywing bestaan. Dieselfde mate van kontroversie word in die toepaslike primêre en sekondêre bronne gevind. Voordat 'n navorser dus sal kan oordeel watter verhale oor Shaka en sy Zoeloevolk die naaste aan globale akkuraatheid kom, sal hy eers 'n deeglike ontleding moet doen van die outentiekheid van elke bron wat hy as verwysingsraamwerk wil gebruik. Voorts sal hy moet bepaal of die opsteller van die dokument in 'n posisie was en of hy die begeerte gehad het om die waarheid en derhalwe die korrekte feite te rapporteer. Hier kan as voorbeeld verwys word na die Zoeloegeskiedskrywer Magema M. Fuze wat in sy werk Abantu Abamnyama (The Black People and whence they came) Shaka in 'n negatiewe lig stel. Daar sal eers bepaal moet word tot watter mate hy in sy geskiedskrywing beïnvloed is deur biskop Colenso deur wie hy tot die Christelike godsdiens bekeer is. In sy dagboek verklaar Henry Francis Fynn wat in Shaka se kraal teenwoordig was toe laasgenoemde se moeder gesterf het, dat sy as gevolg van disenterie gesterf het. Fuze is van mening dat Shaka sy eie moeder doodgemaak het en dat dit onwaarskynlik is dat hy dit aan die witman sou erken. Daarom is Fynn se ooggetuieverslag, volgens Fuze, onbetroubaar (Fuze, 1979, p.60). Die navorser sal ook moet oordeel hoedanig Thomas Mofolo se Sotho-afkoms sy negatiewe oordeel van Shaka beïnvloed het.

In sy voorwoord tot Phampatha the beloved of king Shaka (Pampata die beminde van koning Tsjaka) verklaar P.J. Schoeman wat Zoeloe magtig is, dat Pampata volkome outentiek in Zoeloe-oorlewing is. Alhoewel Shaka nooit getrou het nie, het hy ongeveer seshonderd bywywe wat hy sy susters genoem het, gehad. Volgens oorlewering was Pampata die enigste een wat hy lief gehad het. Schoeman beeld Shaka as 'n mens uit wat die slagoffer van 'n baie ongelukkige en vernederende kindertydperk was. Sy wreedheid en die moorde op verskillende mense wat hom en sy moeder in sy kinderdae aan talle vernederings onderwerp het, word gemotiveerd aangebied. Verder word dit in dié verhaal duidelik uitgebeeld dat die geweldige sterftesyfer na die dood van Shaka se moeder veroorsaak is deurdat mense in historiese emosionele uitbarstings mekaar aangerand en doodgemaak het. Shaka wat heeltemal beheer oor homself verloor het, was skynbaar nie bewus van hierdie toedrag van sake voordat dit te laat was nie. E.A. Ritter bevestig hierdie feite grootliks in sy verhalende biografie Shaka Zulu wat ook hoofsaaklik op mondelinge oorlewering berus.

Nickie McMenemy wie se verhaal Assegai hoofsaaklik steun op gegewens uit sekondêre bronne verkry, gee ook 'n redelik objektiewe beeld van Shaka. In dié verhaal is Shaka se geliefkoosde "suster" egter 'n slawemeisie Thola.

In Tjhaka deur die Sothoskrywer Thomas Mofolo, word Shaka uitgebeeld as 'n wreedaard wat gemoor het om sy magslus te bevredig. Hy vermoor tot sy geliefde, Noliwa, en sy moeder, Nandi, sodat die toordokter medisyne van hulle bloed kan maak om hom sodoende nog magtiger te maak. Opvallender as die feitelike verskille tussen hierdie verhaal deur 'n Swartskrywer en die ander verhale is die geweldige perspektiefverskil met betrekking tot die rol van die mag van die toor-

dokter. Mofolo bied die rol van die toordokter en voorvadergeeste as 'n lewenswaarheid en onlosmaaklike deel van sy verhaalstruktuur aan. Die medisyne wat met die oog op die kweek van dapperheid aan Shaka se kuif gesmeer is, verleen werklik aan hom die moed om te bly staan toe sy voorvadergeeste hom in die vorm van 'n waterslang konfronteer. Sy hele lewensloop word bepaal deur die feit dat hy måg bo die léwe kies toe die toordokter Isanusi die keuse aan hom oorlaat. Daarenteen word die rol van die voorvaders en toordokters in die lewensloop van Shaka totaal geïgnoreer deur die Blanke skrywers met 'n Westerse perspektief. F.W. Strydom se Die swart verskrikking verteenwoordig nie 'n perspektiefverandering by 'n Blanke skrywer nie, aangesien sy verhalende biografie in werklikheid 'n bykans woordelike weergawe van Thomas Mofolo se verhaal is.

In The Voice of the Great Elephant (Afrikaanse titel: Shaka) deur Jenny Seed is Shaka nie die hoofkarakter nie maar wel die spiesdraertjie, Vika. Hy verafgod Shaka totdat hy die Ndwandwes koelbloedig in die slag van Ndolowane laat uitwis. Die klem val veroordelend op die koelbloedigheid van die slag en nie op die briljante militêre strategie wat Shaka geopenbaar het nie. In hierdie verhaal soek Shaka ook doelbewus redes om sy persoonlike bediendes om die lewe te laat bring as hulle te oud geword het om te werk. Dit is 'n aspek wat nie deur Schoeman of Ritter genoem word nie. Op grond van letterkundige gehalte styg hierdie verhaal egter bo die ander verhale uit. Vika se karakterontwikkeling word voltrek wanneer hy besef dat 'n mens nie 'n groot krygsman hoef te wees om dapper te wees nie. Vika word as 'n lewende mens waarmee die jong leser hom beslis sal kan identifiseer, uitgebeeld. In die voorwoord wys Jenny Seed ook daarop dat indien Shaka se optredes met die van antieke konings op die-

selfde ontwikkelingsvlak as wat die Zoeloes op daardie tydstip was, vergelyk word, hy in geen opsig wreder as Westerse heersers in die vroeë Ystertydperk was nie.

In The prince of the bay deur Jenny Seed is Shaka slegs 'n randfiguur. Sy impi moor die Inchanistam uit, maar die tienjarige Bongiseni slaag daarin om te ontsnap. Hy word deur Henry Fynn (the prince of the bay) in die veld gevind. Bongiseni word een van sy draers en moet dus ook saamgaan na Shaka se kraal. Die klem val deurgaans op Shaka se wreedheid. Verdienstelik in hierdie verhaal is die uitstekende wyse waarop Bongiseni se gewaarwordinge by sy eerste kennis-making met 'n Blanke beskryf word.

P.W. Grobbelaar beeld Shaka slegs as onverskrokke held uit in sy bundel Die eensame jagter en ander Afrikaanse heldeverhale.

P.J. Schoeman slaag in Jovindaba se drie meisies daarin om die Zoeloe as mens uit te beeld. Alhoewel die verhaal in die regeringstyd van Mpande afspeel, word daar hoofsaaklik op die kultuur-historiese gekonsentreer. Jovindaba, 'n leerlingtoordokter, se probleem om tussen drie meisies te kies, word verweef met Zoeloegebruike en Zoeloetradisies. Die verhaal word ook in die tipiese Zoeloe-idioom vertel.

Die koelbloedigheid van Shaka se uitwissings-oorloë en die difaqane wat daarop gevolg het, het waarskynlik daartoe aanleiding gegee dat die geskiedenis van die Swartvolke oor die algemeen in verhale verlaag word tot 'n reeks bloedige skermutselinge. F.J. le Roux lê klem op hierdie aspek van die Zoeloegeskiedenis in Waar die pad eindig terwyl Ben Venter ook die Tswana-geskiedenis in Pòana en sy ratel in hierdie lig beoordeel. In Waar die pad eindig val Zwede se krygers

Madaka-hulle se kraal aan en ontvoer sy vader en sy geliefde. Madaka word self 'n kryger van Zwide ten einde hulle te red. Hy slaag daarin met die hulp van Zuwedu, 'n Ndwandwe kryger wie se lewe hy gered het. Hierdie verhaal bevat wel 'n ondertoon van hoop, aangesien vyande menslikheid teenoor mekaar betoon.

In Pòana en sy ratel laat Ben Venter die klem slegs op die wrede en onmenslike karaktereienskappe van die Tswana val. Poana is die seun van die kaptein van die Bamangwatostam. Die intrige bestaan uit 'n reeks moorde wat die kaptein en sy toordokter beplan om van opvolgers en ander ongewenste persone ontslae te raak. Pòana, ten spyte van sy teenkanting teen bygelowe en toordokters, gee ook geen duit vir 'n menselewe om nie. Wanneer hy sy jagmaats doelbewus aan die moordenaars uitlewer dink hy: "Julle vier wat agterbly is sulke dom mense julle verdien nie om te lewe nie" (p.57). Die tema van die verhaal dat bygelowigheid lei tot verslawing en ongeluk word goed uitgebeeld, maar ontaard aan die einde van die verhaal in 'n onverbloemde sedepreek as Pòana die koei se klok afhaal en sê: " 'Gooi die mooi klanke, woorde en musiek waarmee bygeloof jou bind so vêr van jou af as jy kan'. Agter hom hoor hy hoe die klokgebonde, gedagtelose, stom beeste se vasgemaakte mooi melodieë al dowwer en dowwer word" (p.117).

Oswald Pirow gebruik ook die uitwissingsoorloë as agtergrond vir sy verhaal Ashambeni. Die hoofkarakters is die Sjangaan Maskakatsi en sy legendariese hond Ashambeni. Hulle voer 'n heroïse stryd teen die Zoeloes van Manukosi, een van Shaka se veggенераals wat na Sjangaangrondgebied uitgewyk het.

Die Tswanaskrywer Sol T. Plaatje gebruik in Mhudi: an epic of the South African Native life a hundred years ago egter net die uitwissing van die Morolongstam deur die Matabele van Mzilikazi as vertrekpunt vir 'n boeiende verhaal van deursettingsvermoë waarin sy hoofkarakters, Mhudi en RaThaga, die enigste oorlewendes van genoemde bloedbad was. Dit is 'n aangrypende, maar ook profetiese verhaal want die skrywer trek op subtiële wyse 'n parallel tussen die Matabele/Baralonggeskiedenis van konflik en die rassesituasie in Suid-Afrika.

Maripane deur Otto E. Schwellnus is die verhaal van 'n Bapedimeisie wat op veertienjarige ouderdom van 'n groep mensvreterers ontvlug het en vir drie-en-twintigjaar alleen in die berge in Oos-Transvaal gebly het. Die verhaal van Maripane is gedeeltelik op 'n outentieke verhaal wat deur eerwaarde Nachtigall opgeteken is, gebaseer. Alhoewel hierdie verhaal ook die onderlinge oorloë en die mensvreterertydperk as onderwerp het, dra die heroïese en die mens se wil om te oorleef die sterkste klem. Die kern van die verhaal word gevorm deur die kind-vrou wat liever die wildernis invlug om daar te sterf as om tot die vlak van mensvreterwees te daal. Dit is ook die verhaal van Mokgoëtla, seun van die Pedikaptein in wie se kraal Maripane gewoon het. Hy uitoorlê ook die mensvreterers en wreak so die dood van sy vader en sy mense. Die Pedikultuurgebruike vorm 'n onlosmaaklike eenheid met die verhaallyn. Maripane, sowel as Mokgoëtla, word as mense uitgebeeld. Hulle verkies om eerder te sterf as om dit waarin hulle glo, prys te gee. Daarom bevredig die afloop van die verhaal waar Mokgoëtla vir Maripane vind.

Sjangani deur Oswald Pirow is ook 'n oorlewingsverhaal wat boei. Sjangani slaag na 'n Zoeloe-aanval daarin om vir 'n jaar lank in die wildernis te oorleef. Hy beleef talle noue ontkomings met wilde diere, 'n mensvreter en vampiervlermuise. Sy begeerte om ook eendag soos sy oom Maskakatsi met die ere woorde, Shawane Tembe, begroet te word, dryf hom voort. Tog behou hy die onnutsigheid van kindwees waar hy byvoorbeeld die renosterbul vir die pret met klippe gooi.

Peter Abrahams, 'n Swartskrywer, betrek die leser in Wild conquest op 'n simpatieke wyse by die Matabele-sienswyse in die voorspel tot die slag van Vegkop.

Ten spyte van die feit dat kontak tussen die Blankes en die Xhosas reeds vroeg in die agtiende eeu plaasgevind het, het die Xhosageskiedenis nog slegs in 'n klein aantal historiese verhale beslag gekry. Die Xhosas kom wel as randfigure voor in alle verhale wat op die Oosgrens afspeel, maar dan vervul hulle meestal die eensydige rol van plunderaars en moordenaars. Selfs in die meer objektiewe verhale van Jenny Seed Warriors on the hills en S.M.A. Lowe The hungry veld word die Xhosas nie as mense uitgebeeld nie.

Min leerlinge is bewus van die feit dat die Xhosas met wie die Blanke setlaars op die Oosgrens in aanraking gekom het, nie een stam onder een sentrale opperhoof was nie. Daarom vervul Kwane: an African saga deur P.A.W. Cook 'n belangrike rol. In hierdie verhaal maak die leser kennis met Kwane wat die Gqunukwebe volk opgebou het deur terdoodveroordeeldes te red en in 'n vallei weg te steek. Hierdie Gqunukwebe volk het hulle later in die Suurveld gevestig waar hulle die eerste "Xhosas" was waarmee die Blanke setlaars in botsing

gekom het (Peires, 1981, p.56). Kwane word as mens vergestalt in sy persoonlike stryd tussen sy vrees vir toordery en sy liefde vir sy vrou. 'n Mens hoop dat hierdie verhaal in 'n beter versorgde uiterlike - groter lettertipe en kleurvolle stofomslag - herdruk sal word.

Daar is ook drie verhale beskikbaar wat een of ander aspek met betrekking tot die nasionale selfmoord van die Xhosa uitbeeld.

In Nonggause en die bloedrooi son skets die antropoloog, prof. J. Bruwer die geskiedenis van die Xhosa vanaf die regeringstyd van Tshiwo (+ 1730) tot met die nasionale selfmoord. Hierdie selfmoord was die uitwissing van al hul lewensmiddele nadat Nonggause glo dié opdrag van die voorvadergeeste ontvang het. Op die gegewe dag sou al hul beeste en graan weer saam met die voorvaders verskyn en hulle in staat stel om die Blankes in die see te jaag. Die verhaal is te oorsigtelik om werklik die geskiedenis op boeiende en meelewende wyse aan die leser oor te dra.

Anna Minnaar-Vos gebruik die minder bekende profetes, Nomkosi, as hoofkarakter in die verhaal Nomkosi van Nahoon. Omdat die Mhalastam huiwerig was om hulle voedselvoorrade te vernietig, is Nomkosi met behulp van 'n slimbeplande stukkie bedrog oortuig dat sy dieselfde gesig as Nongquase gesien het. Die skryfster bou 'n fiktiewe en oortuigende verhaal rondom die verdere lewensverloop van Nomkosi wat haar lewe lank moes boet vir die misdaad wat sy as kind begaan het. Nie in een van hierdie verhale word gepoog om die werklike oorsaak van hierdie destruktiewe optrede van die Xhosa te deurgrond nie.

In "Die witmense, au!" gebruik Ben M. Botha Umsindo se stryd om die hand van Nontombi as intrige. Insiggewend in die verhaal is die verwarring wat veroorsaak word wanneer die Blanke regstelsel op Xhosastangebruike van toepassing gemaak word. Dit is 'n boeiende verhaal met oortuigende karakterbeelding.

Dit is dus duidelik dat daar slegs enkele verhale oor die geskiedenis van die Swartvolke, waarin die Swartmense nie vanuit 'n negatiewe perspektief uitgebeeld word nie, beskikbaar is. 'n Mens vertrou dat deeglike navorsing oor die plek van Swartgeskiedenis in die Suid-Afrikaanse kinder- en jeugverhaalskat 'n verandering in hierdie tendens te weeg sal bring.

Slawe

Volgens Böeseken (1977, p.7) is slawe reeds vanaf so vroeg as 1655 na die Kaap ingevoer. Slawerny is dus in al sy onmenslikheid ook aan die Kaap beoefen. Slawe is na vrystelling as die sogenaamde Vryswartes in die samelewing opgeneem en die vroue het vrylik met die koloniste ondertrou (Hattingh, 1981, p.65). Telkemale het slawe wat die gevangenis nie meer kon verduur nie, die binneland ingevlug. Die wat oorleef het, het hulle gewoonlik by Khoikhoi- of Sangroepes geskaar, of hulle is by gevangening aan onmenslike strawwe onderwerp. Die tydperk toe slawerny aan die Kaap beoefen is (1655-1833), bied dus ruim moontlikhede vir realistiese, avontuur- en romantiese historiese verhale.

Soos in die geval met die inheemse bevolkingsgroepe word die slawe ook meestal as vae randfigure in verhale, gebou op die Blanke geskiedenis, uitgebeeld. Dan Sleigh het egter met Sersant Barodien: Kaapse

Korps daarin geslaag om die slaweprobleem op 'n unieke wyse onder die aandag van die leser te bring. Die beoefening van slawerny druis teen Gasant se hele wese in, tog keur sy pa, wat self 'n vrygekoopte slaaf is, dit op ekonomiese gronde goed. Soos reeds in Hoofstuk 5 (p. 113) uiteengesit, is dit 'n aangrypende verhaal wat die leser met begrip en deernis na die hele aspek van slawerny sal laat kyk.

When the slave bell tolled deur V.M. Fitzroy is 'n epiese weergawe van die lewe van Aaron van Angola en sy nageslag totdat die laaste een uiteindelik in 1833 vrygestel is. Die feit dat 'n intrige ontbreek, doen afbreuk aan die positiewe aspekte van die verhaal, naamlik 'n besonder objektiewe weergawe van die behandeling wat slawe moes verduur.

In Ngonyama keer terug deur Nickey van Schalkwyk is sowel die vrygestelde slaweseun, Kobo, en die gedrosde slaaf, Ngonyama sleutelkarakters. Alhoewel 'n goeie spanningslyn gehandhaaf word en die verhaal by tye werklik boei, lewer dit geen werklike bydrae tot die uitbeelding van die slawegeskiedenis aan die Kaap nie, want die karakters is leeg en hulle handelinge ongemotiveerd.

Ten slotte moet daar tot die gevolgtrekking gekom word, dat daar 'n groot leemte bestaan aan verhale waarin die geskiedenis van die inheemse bevolkings en die slawe op realistiese en objektiewe wyse uitgebeeld word. Karakters moet nog ontwikkel van verteenwoordigers van sekere stereotipes tot mense van vlees en bloed waarmee die kinder- en tienerleser hom onvoorwaardelik sal kan identifiseer. Op hierdie wyse sal beter begrip vir mekaar se kultuurgoedere en geskiedenis verkry word, wat dan weer noodwendig moet lei tot sinvoller naasbe-

staan. Enkele skrywers het wel daarin geslaag om ver-
hale te skep wat aan die eise van globale historiese
korrektheid voldoen en wat letterkundig van 'n besonder
hoë gehalte is, maar die meerderheid skrywers benader
hierdie geskiedenis bewustelik, of onbewustelik, nog
te veel vanuit 'n tipiese Westerse perspektief.

SAMEVATTING

In Geskiedenis as skoolvak word die kind gekonfronteer met gebeure, morele dilemmas en motiewe wat 'n hoë mate van abstrakte denke vereis. 'n Studie van die kind se denkproses en tyds- en sosiale begrip bevestig dat hy nie voor die formele denkstadium, dus vanaf ongeveer veertienjarige ouderdom, tot abstrakte denke in staat is nie. Slegs wanneer die kind deur middel van plaasvervangende ervaring by die onderrig-leersituasie betrek kan word, kan Geskiedenis vanaf 'n vroeër denkstadium sinvol onderrig word. 'n Ontleding van die verskillende metodes van onderrig het getoon dat abstrakte Geskiedenisfeite vir die kind belêefde werklikheid kan word deur middel van die historiese verhaal. Deur identifisering met karakters van sy eie ouderdom wat soos hy dink en voel, beleef hy die menslikheidsaspek van gebeure omdat hy emosioneel betrokke raak.

Loban (Chambers, 1971, p.1470) en Meckel (1963, p.997) beklemtoon die aktiewe rol van die onderwyser in die toepassing van die historiese verhaal as middel tot plaasvervangende ervaring. Chambers definieer die rol wat die onderwyser moet speel as volg: "A book in the hands of a child is not as potent an instrument for learning as is a book aided by a teacher who knows the fine art of teaching" (1971, p.150).

Daar kan met hierdie stelling akkoord gegaan word, mits die klem baie duidelik op die "fine art of teaching" val, want in hierdie frase lê die geheim van die suksesvolle aanwending van die historiese verhaal as onderrigmodel opgesluit. Die historiese verhaal is juis 'n ideale plaasvervanger vir persoonlike, direkte er-

varing omdat die leser deur identifikasie met die karakters emosioneel by die gebeure betrokke raak. Die oomblik wanneer hierdie emosionele betrokkenheid verval, verloor die gebeure in die verhaal hul persoonlike betekenis vir die leser en word dit ook abstrakte, onverteerbare begrippe. Daarom mag die historiese verhaal nooit tot die vlak van 'n teksboek verlaag word nie.

Die onderwyser behoort bewus te wees van die feit dat baie van die antagonisme en apatie van die tienerjarige teenoor lees voortgebring word deur die moderne onderwys. Dwang en die ongeïnspireerdheid van onderwysers oefen 'n negatiewe invloed uit, omdat die verhaal dan met leer in plaas van genotvolle lees geassosieer word (Lohann, 1981, p.13). Die onderwyser wat onderwys tot 'n fyn kuns vervolmaak het, sal weet dat hy met die oordra van sy eie entoesiasme veel meer gaan bereik as met dwang. Die kind moet blootgestel word aan die historiese verhaal, dit moet nie op hom afgedwing word nie. Indien leerlinge gedwing sou word om verhale of uittreksels uit verhale te lees, op te som of oor te vertel in formele besprekingsessies, gaan 'n negatiewe assosiasie tussen leer en lees bewerkstellig word. As die genotsaspek uit die lees van die verhaal geneem word, word die emosionele betrokkenheid van die leser by die gebeure in die verhaal verminder, of dit verdwyn heeltemal. Sonder emosionele betrokkenheid is daar geen sprake van plaasvervangende ervaring nie en dan verloor die historiese verhaal sy sin en doel in die onderrig-leersituasie.

Die belangrikste voorvereiste vir die suksesvolle gebruik van die historiese verhaal in die onderrig van Geskiedenis is dat die onderwyser deeglik vertrouwd moet wees met die beskikbaarheid en die inhoud van

historiese verhale. Indien hy die verhale self gelees en geniet het, sal hy intuïtief aanvoel wanneer en op watter wyse hy historiese verhale aan sy leerlinge bekend moet stel. Die bystand van 'n gekwalifiseerde onderwyser-bibliotekaris wat hom kan help om die basiese tegnieke van leesleiding te bemeester, is onontbeerlik. Leerlinge kan op verskillende maniere aan verhale blootgestel word sodat hulle spontane belangstelling verkry word en hulle voel dat hulle werklik iets mis as hulle nie die verhale gelees het nie.

Belangstelling kan deur middel van interessante en kleurvolle boekuitstallings geprikkel word. Dit is 'n aspek waartoe uitgewers positief kan bydra deur historiese verhale in kleurvolle en interessante stofomslae te bemark. Tans gaan die meeste historiese verhale mank aan 'n uiters onstimulerende voorkoms. Verder kan die onderwyser deur dramatiese voorlees leerlinge help om verhaaldeure te interpreteer. Volgens Elsabe Steenberg vind baie min kinders byvoorbeeld M.E.R. se Die tweeling trek saam aanloklik as hulle dit self moes lees, maar luister met oorgawe as daar voorgelees word (1979, p.44). Deur entoesiastiese vertelling of deur die terloopse verwysing na aspekte in 'n verhaal kan leerlinge subtiel oorreed word om historiese verhale te lees.

Soms sal dit wel nodig en wenslik wees om historiese verhale op 'n meer formele wyse by die onderrigssituasie te betrek. 'n Selfstudietaak kan die vorm van bronne-studie met die historiese verhaal as vertrekpunt aanneem. Leerlinge sal dan aangemoedig word om selfs van gepubliseerde primêre bronne gebruik te maak om vas te stel watter gebeure outentiek of fiktief is en watter afwykings as globaal akkuraat aanvaar kan word.

Die verbande tussen historiese verhale en die feite in die handboek ten einde 'n kennisstruktuur vir integrasie te vorm, kan ook op subtiële en terloopse manier getrek word. Gespreksessies moet nooit ontaard in formele vraag-en-antwoordonderrig nie. Die onderwyser moet die gesprek inisieer, maar die leerlinge moet toegelaat word om vrylik te praat oor enige aspek van 'n verhaal wat hulle interesseer. Indien hulle oor die motiewe en probleme van karakters in die verhaal kan gesels, sal hulle onbewustelik 'n aanvoeling kry vir die tydperk waarin dit afspeel. Indien leerlinge tydens die bespreking van Tom Bouws se Die kommandeur se beloning kan besin oor die korrektheid van Klaas se optrede toe hy sy sussies in gevaar gestel het deur die kommandeur van die komplot in kennis te stel, sal verskeie van die probleme tydens die eerste jare van die volksplanting noodwendig betrek word. Nie alleen morele waardes nie, maar die hele spektrum van die Anglo-Boere-Oorlog sal spontaan betrek word by 'n gesprek oor Rooi-Flip se morele reg om die Hanskakie in Die kinders en die veldkornet dood te maak.

Historiese verhale moet gebruik word om die leerlinge 'n historiese "gevoel" te gee en nie om historiese feite in gekamoeefleerde vorm in te prent nie. Sodra die kind hierdie historiese gevoel ontwikkel het, behoort sy spontane belangstelling in Geskiedenis te verbeter, omdat die historiese feite uit sy handboek binne 'n gevoelsraamwerk geplaas word.

James Smith se stelling: "The simplest bridge from the child reader to the past would be childhood itself - the sharing of childhood by the reader and by the characters in the book" (1967, p.141), impliseer dat die kind en jeugdige vir elke ontwikkelingsfase ver- hale nodig het waarin die karakters dink en reageer soos wat hy self dit op daardie tydstop doen.

Historiese verhale vir die kind jonger as nege jaar moet dus grootliks spreek tot sy magiese belewing van die wêreld. The story of Rory deur Penny Miller is egter die enigste verhaal waarin die Suid-Afrikaanse geskiedenis deur middel van antropomorfisme (vermensliking van diere) in 'n fantasie beslag kry. Die besondere moontlikhede van animisme (menslike eienskappe aan nie-lewende objekte) in historiese verhale is nog geensins benut nie. Die ander tipiese kenmerk van die kind in hierdie fase, naamlik sy vertolking van sy omgewing in terme van sy fisiese handeling, het meer geredelik in historiese verhale beslag gekry. Dit is veral op besondere wyse deur Dora Tudor in Nikolaas van Vergelegen en Mikro in Die Wiel benut.

Vanaf ongeveer nege jaar raak die kind sterk groepsgebonde en identifiseer hy verkieslik met heldefigure in realistiese sowel as avontuurverhale. Daar is 'n hele aantal verhale, verteenwoordigend uit al die tydperke, waarin die kind 'n basis vir identifikasie met een of meer van die karakters sal vind. Die kind se natuurlike groepsgebondenheid is nie ten volle benut deur byvoorbeeld bende-verhale teen 'n historiese agtergrond te laat afspeel nie. Dit is opvallend dat die meeste verhale seunsverhale is. In enkele gevalle word meisies as randfigure sterk genoeg uitgebeeld sodat dogters ook geredelik met hulle sal kan identifiseer.

Die adolessent se kritiese standpuntinname teenoor sy wêreld, sy worsteling met emosionele probleme, maar ook sy jeugdige voortvarendheid word besonder goed vergestalt in 'n hele aantal historiese verhale. Daar is byvoorbeeld Dan Sleigh se Sersant Barodien met sy stryd oor geloof en gewete; Korporaal Woltemade deur Pieter W. Grobbelaar waarin die hoofkarakter se onver-

moë om sy kortstondige roem en die aanklag van sy gewete oor die dood van sy vader te verwerk, uitgebeeld word; Paulus van Gass in Wit Oemfaan deur F.A.

Venter se vryheidsillusie wat afgelê moet word; Rooi-Flip in Die kinders en die veldkornet deur Pieter W. Grobbelaar se stryd om die Bybelse opdrag dat jy jou vyand moet liefhê met die realiteit van die oorlog te versoen.

Pampata die beminde van koning Tsjaka is die enigste historiese verhaal vir tiener dogters wat enigsins vergelykbaar met die letterkundige gehalte van bogenoemde verhale is. Hierdie leemte in verhale van hoogstaande gehalte vir meisies sal waarskynlik gevul word as jeugverhaalskrywers bereid sal wees om te groei tot 'n eerlike, minder naïewe uitbeelding van seksuele verhoudings in tienerverhale. Tans word jeugverhale vir jong dames verskraal tot romantiese belewenisse in ligte ontspanningsverhale. Ook die tienerdogter wat met die grootwordproses worstel, moet deur middel van die historiese verhaal kan ervaar dat jongmense van lank gelede nie minder goed of minder kwesbaar as vandag se jongmense was nie.

Vir die trae leser wat gewoonlik ook 'n trae leerder is, is daar 'n groot aantal verhale beskikbaar. Hierdie verhale met vlak karakters en dikwels ongemotiveerde gebeure is nie van 'n hoë letterkundige standaard nie, maar die boeiende wyse waarop die gebeure verhaal word, sal menige trae leser aantrek. Sodoende kry ook hulle die geleentheid om met die atmosfeer van 'n historiese tydperk kennis te maak en 'n positiewe gevoel met betrekking tot geskiedenis te ontwikkel.

Ten slotte kan gesê word dat die Suid-Afrikaanse geskiedenis in die tydperk onder bespreking (1488-1915) 'n wye spektrum van verhaalgoontlikhede bied. Die geskiedenis is in so 'n mate in kinder- en jeugverhale vergestalt dat die historiese verhaal sinvol as onderrigmodel aangewend sal kan word deur 'n onderwyser wat onderwys tot 'n fyn kuns ontwikkel het.